# HOOFSTUK 7

## 7 Die universiteit en student in perspektief

### 7.1 Inleiding

In die eerste hoofstuk is daar tussen die positiewe of empiriese sosio= logie en die wysgerige sosiologie gedifferensieer. Beide vorm onmis= bare komponente van die sosiologie as wetenskap. Eersgenoemde is in sy blik op die tipiese aard van die onderskeie samelewingsbetrek= kinge afhanklik van laasgenoemde. As die empiriese ondersoek in die sosiologie ons oog rig op die feitelike omstandighede, verhoudinge, gedragspatrone, handelinge van mense soos wat hulle as individue teenoor mekaar en in gemeenskap met mekaar optree en soos wat hulle in onderskeie samelewingsverbande langs mekaar bestaan en en= kapties vervleg is, dan is die taak van die wysgerige sosiologie om 'n teoretiese analise te gee van die invariante struktuurtipes van die samelewingsverhoudinge.

Tot hierdie taak moet daar nou oorgegaan word. Die wysgerig-sosio= logiese ondersoek kan die kriteria daarstel waarvolgens ons die opstan= dige student, as eksponent van die verskynsel van studenteaktivisme wat ons tot dusver empiries ondersoek het, kan evalueer. Die wys= gerige sosiologie is in staat om aan ons 'n struktuuranalise van die universiteit te bied sowel as die ideaal-tipiese plek wat die student aan die universiteit behoort in te neem aan die hand waarvan antwoor= de vir die problematiek wat tot dusver behandel is, gevind behoort te word. Sake wat in verband met die universiteit as gedifferensieerde

samelewingsverband aan die orde gestel word, is die volgende: sy struktuurprinsipe, sy eie-aard, sy funksies, sy besondere verhoudinge, veral sy betrokkenheid of verweefdheid met ander samelewingsverbande in die tyd waarin ons leef, asook sy besondere samestelling. Uiter= aard kan aan hierdie aspekte net oorsigtelik aandag gegee word. Dit is per slot van rekening 'n aparte grondige wetenskaplike ondersoek werd. Die eintlike saak wat wysgerig-sosiologies onder die vergroot= glas geneem moet word, is die student self: sy plek aan die univer= siteit, die besondere karakteristieke van die studentegemeenskap, sy vryhede en regte, sy verantwoordelikhede en sy pligte na binne en na buite, sy verhouding tot ander komponente van die universiteit, trou= ens sy hele tipiese student-wees met die prerogatiewe en beperkinge wat daaraan verbonde is. Eers nadat dit gedoen is, is mens in staat om die mankemente van die verloopte moderne Amerikaanse universi= teit aan te wys en om die opstandige student krities in sy ware ge= daante te beoordeel.

## 7.2 Die leer van die samelewingsverbande

In die ondersoek na die ontsluitingsproses van die samelewing in die loop van die geskiedenis kan 'n groot differensiasie van samelewings= verbande aangetoon word. Dit sou ook samelewingskringe of selfs gemeenskappe genoem kon word. Hierdie kringe mag nie geïsoleerd bestudeer en geabstraheer van die ganse komplekse tydelike werklikheid ondersoek word nie. Maar hulle mag en moet wel duidelik onderskei word. Dit bly menslike samelewingskringe en dieselfde mense van wie die individualiteit geensins opgehef word nie, kan konstituerende

komponente uitmaak van verskillende verbande. So 'n samelewingskring is ook geen willekeurige konglomeraat van 'n aantal persone nie. Elke samelewingsverband is uniek en eiesoortig, besit daarom sy eie identiteit of eie struktuur en aard en is onderhewig aan sy eie Godgegewe lewenswet of struktuurprinsipe. En tog is daar ook 'n intieme onderlinge vervlegting tussen die onderskeie samelewingsverbande. Dooyeweerd noem dit enkaptiese struktuurvervlegtinge.[1)]

Daar kan verder onderskei word tussen die samelewingsverbande wat 'n institutêre karakter dra soos die staat, die kerk, die gesin en die familie en ander verbande wat die karakter van vrye assosiasie dra. Waar die gesin en die familie met die huwelik wat daaraan voorafgaan, bioties-gefundeerde gemeenskappe is en daarom in 'n sekere sin tot die natuursy van die werklikheid behoort, is die staat en die kerk volgens Dooyeweerd in die historiese wetskring gefundeer. Hulle almal het egter dit in gemeen dat hulle institutêr van karakter is, d.w.s. dat hulle instellinge is wat nie in die eerste plek aan menslike inisiatief te danke is nie. Hulle is primêr deur God ingestel en word finalitêr deur Hom in stand gehou. Mens sou kon sê dat 'n samelewing wat hierdie verbande probeer elimineer, homself sou ophef. Hierdie genoemde verbande omvat die menslike bestaan tot op

1) Dooyeweerd, H. De Wijsbegeerte der Wetsidee. Dl. III, Amsterdam, H.J. Paris, 1936, pp. 549 - 630. Op die breed uitgewerkte opvatting van Dooyeweerd in sake die individualiteitstrukture van die tydelike menslike samelewing word geensins uitvoerig ingegaan nie. Dit word as bekend veronderstel. Cf. Dooyeweerd, op. cit., pp. 131 - 546.

'n sekere hoogte onafhanklik van die individuele wil.

Hiernaas bestaan daar egter nog talle verbande wat nie as institutêr beskou kan word nie, wat 'n veel minder vanselfsprekende karakter vertoon maar wat nietemin nog tipiese en gedifferensieerde verbande met eie struktuurprinsipes is. Hulle het as gevolg van die vrye assosiasie van mense tot stand gekom. Hier is wel deeglik nog sprake van individualiteitstrukture omdat die voortbestaan daarvan onafhanklik is van die wisseling van die afsonderlike lede daarvan. Hulle besit dus 'n eie strukturele karakter, is onderhewig aan 'n eie struktuurwet en behou 'n eie identiteit. In hierdie kategorie van sa=melewingsverbande val ook die universiteit.

Wie vanuit die wysgerige sosiologie die samelewingsleer langs hierdie weg benader, word sowel van 'n skeefgetrokke universalisme soos by staats- of kerkabsolutisme as van 'n eensydige individualisme waarin die selfgenoegsaamheid van die enkeling geponeer word, gevrywaar.[2)]

Om nou tot die eiesoortige individualiteitstruktuur van 'n samelewings=verband soos die universiteit deur te dring, moet eerstens op sy be=sondere struktuur en aard, tweedens op die beginsel van soewereini=teit in eie kring en derdens op die beginsel van gesag en vryheid ge=let word.

2) Cf. Spier, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen, Kok, 1950, pp.178, 179, 225, 226.

## 7.3 Die universiteit as samelewingsverband

### 7.3.1 Die struktuur en eie-aard van die universiteit

Vanuit die standpunt van die Wysbegeerte van die Wetsidee is verskeie pogings aangewend om 'n struktuuranalise van onderwys- en opvoedings= aktiwiteite, van skool en universiteit, te gee. In die reël is dan uit= gegaan van die stelling dat die opvoedingshandelinge wel deeglik 'n in= dividualiteitstruktuur is en in alle modale aspekte van die menslike ervaring fungeer. Dit geld nie alleen die handelinge van die opvoeder nie maar ook dié van die opvoedeling. [3)]

In die opvoedingshandeling is daar nou egter een onherleibare modale aspek wat in die handeling 'n fundamentele rol speel en dit is die historiese modaliteit. Al drie die skrywers na wie verwys is, be= skou dan die historiese as modale aspek van die werklikheid in die sin van vrye beheersende vorming (formative control). Die opvoeding veronderstel menslike kultuur en die wyse van opvoeding hang o.a. saam met die kultureel-historiese onwikkelingspeil van die gemeenskap. Die funderingsfunksie moet dus, volgens dié skrywers, in die historiese

3) Mojet, J.W. De structuur van opvoeden en opvoedkunde. (In Reflexies, Christelijk perspectief. Deel XIV. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1968, p.259.)
Cf. De Graaff, Arnold H. The educational ministry of the church. Delft, N.V. Verenigde Drukkerijen Judels en Brink= man, 1966, p.123; Taljaard, J.A.L. Grondtrekke van 'n Calvinistiese opvoedingsfilosofie, in besonder Arnold H. de Graaff soos weergegee in sy proefskrif. (Referaat by filosowe= kongres, Port Elizabeth, 1968, p.11.)

modaliteit geleë wees.[4]

Maar daar word nog verder gegaan. Ook die bestemmingsfunksie van die opvoeding word in die historiese modaliteit gesoek. Mojet, in navolging van De Graaff, redeneer soos volg: „Anderzijds is de op= voeding gericht op de vormende beïnvloeding van de opvoedeling. Het subjectief-vormende optrede van de opvoeder correspondeert met de culturele objectsfunctie van de opvoedeling, en resulteert in de vor= ming en ontsluiting van diens aanleg. Het histories-technisch aspect der beheersende vormgeving is dus de kwalificerende bestemmings= funtie."[5]

In hierdie analise van die opvoedingshandeling wyk genoemde skrywers af van die rigting wat Dooyeweerd self aangedui het deur te verklaar: „A school is a differentiated organized community of a typical tuition= ary character. It may be that school tuition in its typical historical foundation is qualified by a typical ethical function."[6] Hier word die leidende en kwalifiserende funksie van die skool in die etiese mo= daliteit gesien. Volgens Popma is daar sommige wat die bestem=

4. Cf. Mojet, op. cit., p. 261; De Graaff, op. cit., p. 124.

5. Mojet, op. cit., pp. 262, 281; Cf. De Graaff, op. cit., p. 132: „The pedagogical act is not only founded in the formative aspect but also qualified by this function."

6. Dooyeweerd, H. A new critique of theoretical thought. III. Philadelphia, The Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1957, p. 287.

mingsfunksie van die skool as opvoedingsinstelling in die taal en selfs in die geloof wil soek. En dan is daar nog andere wat meen dat aan die skool geen bepaalde of aanwysbare bestemmingsfunksie toegeken kan word nie. Hy vervolg dan: „Inderdaad meenen we dat aan het school=verband geen bestemmingsfunctie mag worden toegekend in gelijke zin als aan de andere samelevingsverbanden." 7)

Uit die voorafgaande kursoriese weergawe van 'n verskeidenheid van standpunte vanuit die denkpatrone van die Wysbegeerte van die Wets=idee, blyk dat daar allermins eenstemmigheid is. Moontlik is dit reeds 'n bewys van die feit dat hierdie besondere individualiteitstruk=tuur van so 'n aard is dat dit hom nie ten opsigte van sy bestemming in 'n bepaalde modale aspek laat inforseer nie. Daar sal immers ook 'n sterk saak voor uitgemaak kan word om dit in die modale aspek van die denke (die analitiese of logiese wetskring) te soek. Rasio=nele oorweginge en onderskeidinge is immers onontbeerlike vereistes in enige opvoedkundige verhouding. As Dengerink die standpunt van

7. Popma, K.J. Philosophia Reformata, Jrg. XII, 2de kwartaal 1947, p.92. Popma gaan breed in op die moontlikheid om so=wel die funderings- as die bestemmingsfunksie van die skool in die historiese te vind en breek selfs vir die standpunt 'n lansie deur die historiese funksie in tweërlei sin te verklaar: „Wanneer ik spreek over de historische funderingsfunctie van de school, heb ik het over de stigting en onderhouding van dit levensverband. Maar wanneer ik spreek over de school als vormingsinstituut, doel ik op iets geheel anders, nl. op de z.g.n. persoonscultuur, d.i. op de cultivering van de objec=tieve zijden der menschelijke natuur". Ibid., p.131.

Kuyper behandel in verband met die selfstandige posisie van die weten= skap en van die wetenskap as gemeenskapsaktiwiteit soos gemanifesteer in die universiteit, dan beklemtoon hy die denkende funksie van die mens as beelddraer van God. Die mens het naamlik die vermoë ontvang om die gedagtes van God wat God in die skepping beliggaam het, na te dink en as die mens dié vermoë in werking stel, dan kom wetenskap tot stand. [8)]

In sy struktuuranalise van die skool en die opvoedingsverskynsel gaan P. de B. Kock 'n ander weg op. Hy erken wel dat die skool histories gefun= deer is omdat mens met stigting en 'n organisatoriese aksie te doen het maar wat die kwalifiserende of bestemmingsfunksie betref, pleit hy vir „plastisiteit" in die bepaling daarvan. [9)] Hy meen dat die gedagte van vorming nie toereikend of geskik is om die opvoedingsaktiwiteit uitputtend en adekwaat te beskryf nie. Daarmee hang saam die evidente verwarring tussen kultuurvorming en opvoeding. Vir hom moet die begrip „leiding" 'n groter rol speel. In die lig hiervan definieer hy opvoeding dan as die menslike aktiwiteit wat betrekking het op leiding wat deur die meer vol= wasse en meer volwaardige mens aan die minder volwassene en minder volwaardige gegee word, met die oog op die skoling, ontplooiing, ontslui= ting en verdieping van die aktstruktuur en sodoende van die hele mens

8) Dengerink, J. D. Critisch-historisch onderzoek naar de socio= logische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19de en 20ste eeuw. Kampen, Kok, 1948, pp. 127, 129.

9) Kock, P. de B. Besinning oor die skoolverband. Tydskrif vir Christelike wetenskap, Jrg. 4, 1968, pp. 53 - 55.

in die tyd.[10] As hy dus soek na die bestemming van die opvoedings= instituut dan vind hy dit in die ontplooiing van die aktstruktuur en aan= gesien die aktstruktuur nie eenduidig is nie daarom kan die opvoeding en die opvoedingsinstituut nie eenduidig gekwalifiseerd wees nie, beter gesê: plasties.[11]

By die bepaling van die struktuur van die universiteit moet ook selfs breër gekyk word as net na sy funksies. P.G.W. du Plessis vat dit soos volg raak: „Vra ons na die struktuur van die universiteit, bete= ken dit dat ons let op die ordelike patroon van hierdie samelewings= verband soos veral gegee in sy funksies, doelstellings en relasies. Om oor die doeleindes van die universiteit te praat, beteken om oor die eie aard van die universiteit en die relasies van die universiteit gedagtes te wissel."[12]

Alles in ag geneem kan daar gespreek word van die universiteit as 'n gedifferensieerde samelewingsverband wat sy besondere eieaard daarin vind dat dit 'n inrigting van geleerdheid is. Dit spits hom toe op wetenskapsbeoefening en dra dus onmiskenbaar 'n akademiese

10) Kock, P. de B. Opvoeding en onderwys. Tydskrif vir Chris= telike wetenskap, Jrg. 5, 1969, p.174.

11) Kock. Besinning oor die skoolverband, p.55.

12) Du Plessis, P.G.W. Die struktuur van die universiteit. Koers, Jrg. XXXVI, No. 6, p.445.

karakter.[13]

Die aard en karakter van die universiteit word dus gekwalifiseer van= uit die besondere funksie wat hom eie is. Henk Hart doen dit ook as hy argumenteer: „Now, if we look for a characterization of the university in terms of its task, in terms of a normprescribed func= tion, I would think that a university embraces a community of scholars whose pursuit is to gain scientific insight into reality and to make their theoretic findings serviceable to society ... The accent in all this lies in theory, scholarship."[14]

Wat in die eerste plek besonder belangrik is in karakterisering van die universiteit as basies 'n inrigting vir geleerdheid, vir wetenskap= like aktiwiteit dus, is dat dit daarmee nog steeds die oorspronklike karakter vertoon toe dit gekwalifiseer is as „universitas scientiarum", 'n samehang van die wetenskappe. In dié verband moet nie maar net gedink word aan die Middeleeuse model nie maar daar kan, volgens

13) Cf. Coetzee, J. Chris. Die Christelike universiteit. Koers, Deel XXI, No. 5, April 1954, p. 203; Bingle, H. J. J. Die universiteit in die branding. (In Die Atoomeeu - in U lig, Eeufeespublikasie van die I. B. C., Potchefstroom, 1969, p. 261); Preller, S. J. Die wese en funksies van die universiteit en van die P. U. vir C. H. O. in besonder. Ongepubliseerde ter= siêre lesing, s. j., pp. 2, 3.

14) Hart, Henk. The idea of a christian university. Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap, No. 31, Jan. 1972, p. 7.

Popma wat verwys na 'n studie van Karl Jaspers oor die onderhawige saak, selfs teruggegaan word na die antieke prototipe van die univer= siteit wat reeds sodanige karakter gedra het.[15)]

In die tweede plek moet hier onderstreep word, en dit is ontsaglik belangrik veral met die bepaling van die plek van die student waarby ons later breedvoerig stilstaan, dat die selfherkenning van die Mid= deleeuse universiteit tot uitdrukking gekom het in die benaming „universitas magistrorum et scholarium", d.w.s. 'n gemeenskap van leermeesters en skoliere of van dosente en studente. Die ge= dagte van gemeenskap sou 'n sinlose klank wees as die dosente en studente in die uitoefening van hulle onderwys en leertaak nie werk= lik mekaar se lede sou wees nie. „Dat wil zeggen: wat men tegen= woordig de ‚inspraak van de zijde van de studenten' noemt, behoort zowel historisch als ideëel tot het meest eigenlijk wezen van de

15) Popma, K.J. De universiteit: idee en practijk. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1969, pp. 8, 9: „We moeten volle aandacht hebben voor de vraag, op welke wijze de middeleeuwse universiteiten een voortzetting zijn geweest van de antieke. Pas dan is de weg geopend naar een wezenlijk inzicht in de huidige universiteit. En pas dan kan ons enigermate duidelijk worden wat de naam universiteit betekent: het gaat hier over een „universitas scientiarum" de zamenhang van de wetenschap= pen";

Cf. Jaspers, Karl. Rechenschaft und Ausblick. (In Vom lebendigen Geist der Universität, 1958, p. 1958.)

universiteit."[16)]

In die tipering van die universiteit kom J. Chris Coetzee tot dieselfde konklusie: „Die universiteit is 'n inrigting van geleerdheid. Dit wy hom aan die onderrig van die wetenskap en aan die selfstandige beoefening daarvan. Dit is 'n gemeenskap van hooglerare en studen= te en oud-studente, wat dit in sy wetenskaplike en vormende arbeid dien. Dit word in die eerste plek gekenmerk as die studium generale, as 'n plek waar die sewe vrye kunste en die hoër vakwetenskappe be= studeer en beoefen word. Daarom kan dit nie 'n inrigting van ele= mentêre of sekondêre onderwys wees nie; daarom kan die onderrig nie bloot empiries en geneties wees nie; daarom kan dit ook nie al= gemeen en verpligtend gestel word nie. Uiteraard is dit 'n inrig= ting vir die tersiêre onderwys, is sy onderrig filosofies van aard, is dit bedoel alleen vir die uitgesoektes, die meer begaafdes. Die universiteit is dus na sy wese 'n inrigting vir die samehang en eenheid

16) Loc. cit. Cf. Maciver Robert M. Academic freedom in our time, New York, Columbia Press, 1955, p.7: „Essentially the university is a company of scholars and learners, teachers and students"; Meyer, P.J. Universiteit en gemeenskap. (In Die Christelike universiteit in kontemporêre milieu, wysgerige sim= posium, Potchefstroom, 1969, p.39: „'n Universiteit, om werk= lik universiteit te bly, mag egter nie toelaat dat die kernkrag van alle akademies-wetenskaplike opleiding verwaarloos word nie, naamlik die intieme samewerking van dosente en studente, veral die gevorderde studente, as deelnemers aan dieselfde navor= singsprojekte.")

van ons kennis van lewe en wêreld."[17]

As Bingle die wese van die universiteit ewe-eens beskryf as 'n inrig= ting van geleerdheid, dan waarsku hy tereg teen baie misvattinge ten opsigte van hierdie basiese van die universiteit: „Daar kom eise wat op die tegniese vlak lê, ander wat manifesteer in die afrigting vir een of ander beroep, en nog ander wat behoeftes stel wat ewe min van 'n diepgaande intellektuele aard is. Kan die universiteit nie hieraan voldoen nie, kom hy in gedrang en word dan gepoog om hom van aard te laat verander en sommige laat hulle só ombuig na die behoeftes van die agiteerders. Die onontwykbare resultaat hier= van is die aantasting van die standaarde en daarmee sertifikate wat nie versoenbaar met die wese van die universiteit is nie."[18]

7.3.2 Die taak van die universiteit en sy verhoudinge na buite

Die struktuur of aard van die universiteit word deur sy taak mede= bepaal. Die universiteit is tot dusver beskryf as 'n gedifferensieerde samelewingsverband wat sy besondere eie-aard daarin vind dat dit 'n

17) Coetzee, op. cit., p. 203. Cf. Du Plessis, op. cit., p. 449: „As samelewingskring toon die universiteit 'n interne gemeen= skapskarakter - dis 'n eenheid van leermeesters en studente, van leermeesters, van studente; dis 'n administratiewe een= heid en vertoon ook 'n eenheid van wetenskappe."

18) Bingle, op. cit., p. 261.

gemeenskap van geleerdheid is waaraan dosente sowel as studente we= sentlik deel het. In die verdere beskrywing van sy veelduidige taak moet dit steeds die uitgangspunt wees. Vanaf hierdie spil waaier die verskeidenheid van take uit, maar steeds moet aan die eie-aard van die universiteit reg geskied.

Vooraf moet gekonstateer word dat die take van die universiteit nie vir alle tye vasstaan nie. Vanaf die Middeleeue tot op die huidige dag het die funksionering van die universiteit tog baie veranderinge ondergaan. 'n Sterk bepalende faktor in dié verband was ongetwyfeld die universiteit se mate van betrokkenheid by en selfs gekompromit= teerdheid teenoor die samelewing, sy verhoudinge na buite dus. Dit was natuurlik altyd so dat die universiteit 'n belangrike sosiale rol vervul het in dié sin dat dit die kinders van die elite of the hoër strata van die samelewing onderrig gegee en gespesialiseerde oplei= ding gebied het wat hulle in staat gestel het om ná die universiteits= loopbaan hulle plek in die breë samelewing vol te staan. Aan die ander kant was die universiteit vroeër altyd 'n aparte, byna afgeslote wêreld wat nie veel met die samelewing te doen gehad het nie en op sy eie, outonoom bestaan het. Dit kon inderwaarheid die ivoortoring genoem word. Natuurlik was dit ook 'n wyse van bestaan om vir die universiteit emansipasie van religieuse of politieke of selfs ekonomie= se oorheersing wat geen geringe gevaar was nie, te bewerkstellig. In die Middeleeue byvoorbeeld was die universiteite kerklike instellings.

In elk geval is die beeld wat die ivoortoring-universiteit ons bied, dié van 'n ideaal van 'n afgesonderde skool van geleerdes wat byna gesien kon word as 'n tempel van geleerdheid, ver verhewe bo die gedruis

van die alledaagse lewe, duidelik onderskeie van die ekonomiese en diplomatieke wêreld, geheel en al neutraal in sy benadering van die werklikheid en toegewy aan studie en navorsing van die natuur en mens-wetenskappe. Die professor was dan gesien nie as 'n werk=nemer van die samelewing nie, maar as 'n hoëpriester van waarheid, kennis en beredeneerde oorleg; die student aan die ander kant was binne hierdie ivoortoring alleen daar om te studeer en voorberei te word vir sy latere lewe terwyl die hele buitelewe wel kon meedoen aan finansiering maar verder geen vrae kon vra nie.[19)]

In Wes-Europa was hierdie patroon van die universiteit vir baie eeue geldig. Rondom die begin van die 19de eeu het baie universiteite verstar tot instellings waar verouderde dogmatiese kennis oorgedra is. Daar is geensins meer gestreef na 'n kennis wat deur kritiese oor=deelsvorming verkry is nie. Geen wonder nie dat die denkers van die tydperk van die Verligting daarop aangedring het dat die universi=teite 'n ensiklopediese vorming en 'n bruikbare wetenskapsbeoefening sou bied. Nog 'n derde stroming het in die 19de eeu sy opvoedings=ideaal in die filosofiese idealisme gefundeer, 'n ideaal wat die mens tot die hoogtepunt van bewuste individualiteit wou ontwikkel. Die uni=versiteit moes nie maar aan die student 'n hoeveelheid kennis oordra nie, maar hom langs die weg van 'n sokratiese dialoog, 'n bewuste instelling van wetenskaplike soeke, 'n drang na die waarheid dus, in=skerp. In verskeie Duitse universiteite het die verwerkliking van

19) Cf. Hoffman, Stanley. Participation in perspective. (In Graubard and Ballotti, op. cit., p.186.)

hierdie ideaal daartoe gelei dat talle begaafde studente tot volle weten= skaplike ontplooiing kon kom.

In Engeland weer het dit in 'n ander rigting ontwikkel. Die sogenaam= de „liberal education" moes dien om die mees begaafde lede van die sosiale elite tot ware „gentlemen" te vorm. Oxford en Cambridge het daarin die voortou geneem.[20)]

Die moderne universiteit vertoon in vergelyking met alle voriges 'n totaal ander vorm. Ons het nou te doen met die universiteit wat in= geskakel is, wat gekonfronteer is, sterker nog, wat veelal gekompro= mitteer is en wat by feitlik elke aspek van die samelewing betrokke is. Dit het, benewens ander faktore, tot 'n groot mate sy oorsaak daarin dat van die aprioriese stelling uitgegaan word dat kennis mag is en dat geleerdheid die onbetwisbare voorwaarde is om seggenskap te be= kom en leiding te gee.

Die vraag is nou of hierdie stand van sake inderdaad meegebring het dat die taakspektrum van die universiteit verruim het. Het sy ba= siese struktuur verander? Het daar by die gangbare, algemeen aan= vaarde tradisionele, outonome take wat intrinsiek aan die universiteit eie is, nuwe take bygekom? Die skyn word ten minste gewek dat die take wat die universiteite van Europa en Amerika en ook van ander

20) De Moor, op. cit., pp. 77, 78.

dele van die wêreld vir 150 jaar lank gekarakteriseer het, in die laaste aantal dekades byna spontaan uitgebrei is. Opvallend is dat dit direk met aansprake wat op die universiteit vanuit die samelewing gemaak is, verband hou. Ons sou die twee kategorieë van take kon onderskei as tradisionele, intrinsieke take en min of meer, na-buite-gerigte take.[21] Of laasgenoemde „per se" take is, moet later bepaal word.

Die tradisionele take kan, soos trouens deur meeste skrywers gedoen word, onderskei word in onderrig, navorsing, beroepsopleiding en vorming. Vanweë die oorbekendheid daarvan, word volstaan met enkele tiperende en onderskeidende opmerkings oor elkeen van die take.

7.3.2.1 Tradisionele take

7.3.2.1.1 Onderrig

Oor hierdie primêre taak van die universiteit in die konteks van sy eie-aard as 'n gemeenskap van geleerdheid of van wetenskapsbeoefe= ning, stem navorsers saam al word dit nie altyd met dieselfde

21) Cf. Trow, op. cit., p. 2.

naam genoem nie.[22] J. Chris Coetzee verklaar: „As eerste taak moet ons stel die onderrig van al die verskillende wetenskappe - die volle artes liberales en al die scientiae."[23] Belangrik is ongetwy=feld weer hier dat die onderrigtaak albei die kategorieë van lede van die universiteitsgemeenskap betrek. Hoewel dosente primêr onderrig gee, leer hulle self ook steeds veel by wyse van selfstudie en onderrig

22) Cf. Coetzee, op. cit., p. 212; Du Plessis, op. cit., pp. 445, 446; Trow, op. cit., p. 2; The report of the President's commission on campus unrest, p. 187; Stoker, H. G. Beginsels en metodes in die wetenskap, pp. 23, 24; Bell, Daniel. Governance of universities in the 1970's. (In Graubard and Ballotti, op. cit., pp. 231, 232.)
Soms word die verskillende take van die universiteit gereduseer tot twee basiese funksies, nl. wetenskapsbeoefening en opvoeding. Wetenskapsbeoefening word dan weer verder onderskei in kennis=bemagtiging, kennisontginning en metodebeoefening. Hierdie onderskeiding is gemaak in die verslag van die sentrale opname=komitee van die senaat van die P. U. vir C. H. O., Potchefstroom, 1966, onder die opskrif: Akademiese en verwante aangeleenthede aan die P. U. vir C. H. O., pp. 7-19. Dit is wel 'n deugde=like onderskeiding maar word gedruk deur enkele besware waar=van die belangrikste is dat die taak van beroepsvoorbereiding daarin nie tot sy reg kom nie. Verder word die skyn gewek dat metodebeoefening 'n saak is wat net by wetenskapsbeoefening tuishoort en nie ook by opvoeding nie. Dit bly 'n oop vraag of metodebeoefening „überhaupt" as taak van die universiteit beskou moet word. Dit is immers nie 'n „dat" nie maar 'n „hoe". Dit dui nie aan wat gedoen moet word nie maar hoe die dinge gedoen word. Nie die inhoud maar die wyse van die taakuitoefening word daardeur bepaal.

23) Coetzee, op. cit., p. 212.

van ander; en studente, hoewel hulle die ontvangers is van die wetenskaplike onderrig, gee hulle soms ook veel. Dit gaan daarom dat die universitas magistrorum et scholarium kreatief besig sal wees met kennisversameling sonder dat dit 'n onsamehangende, sandhoopagtige bymekaarvoeging van gegewens word.

Hier is dus nie net maar sprake van empiriese kennisversameling soos veral op die primêre onderwysvlak, ook nie maar net van genetiese kennisuitbouing soos op sekondêre onderwysvlak nie maar veral van kritiese, filosofiese en kreatiewe kennisvermeedering met indringing in die fundamentele van die dinge en met insig in die samehang van die wetenskappe.[24)]

7.3.2.1.2 Navorsing

Bell stel hierdie aspek nugter en kernagtig as hy dit so beskryf: „The search for truth through inquiry and scholarship: the effort to assert the philosophical foundations of certified knowledge, the discovery of the laws of nature, the explication of the norms and rules that govern human behaviour."[25)]

24) Cf. Du Plessis, op. cit., p. 446; Duvenage, B. Lewensbeskouing en universiteit. (In De Klerk, W. J., Duvenage, B. en Van Wyk, J. H. Roeping en werklikheid. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., 1972, p. 32.)

25) Bell, op. cit., p. 232.

Die doel is hier om voortdurend op soek te wees na nuwe kennis, om bestaande teorieë te toets en die spektrum van die wetenskap duideliker en wyer uit te brei. Dit alles moet geskied ter wille van deelname aan die waarheid en ter wille van die diens wat die wetenskaplike navorsing aan die samelewing kan bied.[26] Balans is hier noodsaaklik ten opsigte van die onderrigtaak van die universiteit. Skeefgetrokke, oorgeaksentueerde navorsing met verwaarlosing van die doseertaak gee aanleiding tot onrus, gefrustreerdheid en as dit saamhang met te groot betrokkenheid van die universiteit by die samelewing in al sy fasette kan dit funeste gevolge meebring. Dit het in die Amerikaanse situasie duidelik aan die lig gekom.

Dat navorsing 'n taak is, nie alleen van dosente nie maar ook van studente, lê voor die hand. Dit is op hierdie vlak dat die gemeenskaplike optrede die beste tot sy reg kan kom, veral op nagraadse vlak wanneer die student tot groter rypheid gekom het. Spanwerk

26) Cf. Stoker, op. cit., p. 23; Hart, op. cit., p. 7; Du Toit, S. Die navorsingstaak van die universiteit. Koers, Jrg. XXXVII, No. 5, pp. 361 - 372. Laasgenoemde skrywer haal S. M. Naude aan wat 'n besonder hoë premie plaas op die navorsingsroeping van die dosent: „It is generally agreed today that, when a professor is appointed to a staff of a university, the first qualification required is distinction in research work. It is further expected that he will continue with his research work and university councils go out of their way to provide every opportunity for him; for it is believed that in his search for new knowledge the professor constantly improves his own mind and inspires his students. Ibid., p. 364.

ten opsigte van navorsing hoef geen uitsondering te wees nie - nie alleen tussen studente onderling nie, maar ook tussen studente en do= sente, dosente en dosente en selfs departemente en departemente.

### 7.3.2.1.3 Beroepsopleiding

Hier kan volstaan word met verwysing na die indringende artikel van Bingle oor die beroepstaak van die universiteit.[27] Na 'n bepaling van die wese en funksies van die universiteit en 'n behandeling van die historiese verloop van sake sowel as die huidige opset aan universitei= te vir sover dit beroepsvoorbereiding betref, vind hy tereg balans in die ponering van die volgende stelling: „Die universiteit mag onder geen omstandighede na beroepsopleiding afgerem word nie, maar ook mag beroepsopleiding nie as 'n minder belangrike aspek van die uni= versitêre werk geag word nie. Die hoofdoel is om beroepsopleiding te verhef tot die verhewe vlak van alle akademiese werk; om die op= leiding te laat deel in al die doelstellings van die universiteit sodat die beroepsman opgevoede kultuurmens sal wees, wetenskaplike by uitnemendheid, navorser met die onontbeerlike toerusting daartoe; roepingsbewuste beroepsman; mens van God vir elke goeie werk vol= kome toegerus."[28]

27) Bingle, H. J. J. Die beroepstaak van die universiteit. Koers, Jrg. XXXVII, No. 7, pp. 332 - 348.

28) Ibid., p. 337.

Die doelstelling van beroepsopleiding aan die universiteit is dus; „... die alsydige wetenskaplike beroepsman met die gawe van die wetenskaplike gesindheid en metode wat as metodemaker in talle op= sigte sy opleiding in 'n verskeidenheid van vertakkinge kan in toepas= sing bring." [29] Dit is duidelik dat die universiteit in die uitoefening van sy taak van beroepsvoorbereiding, getrou kan en moet bly aan sy eie-aard.

7.3.2.1.4 Vorming

Soos 'n goue draad lê die vormingsaspek deur die eeue heen in die kabel van die universiteitstaak ingeweef. Soms was dit minder pro= minent, maar gewoonlik was dit duidelik sigbaar. Trouens, vanaf die antieke Griekse kultuur was die motief van die vorming van die goeie burger 'n uitgesproke ideaal van die hoër onderwys. Met die

29) Ibid., p. 338. Cf. verder Coetzee, op. cit., p. 214; Du Plessis, op. cit., pp. 450 - 452. De Moor beklemtoon ook die noodsaaklikheid van die wetenskaplike toepassing van kennis deur die beroepsman. In sy beroep moet hy 'n bepaalde kom= pleks van verskynsels in hulle fundamentele samehang kan deur= sien en hierdie kennis moet hy kan gebruik. Die vondste van die wetenskap moet hy dus in die uitoefening van sy beroep ge= bruik. Dit is daarom nie voldoende om aan die student 'n aan= tal vaardighede en tegnieke en resepte te leer nie maar om hom in staat te stel om die relevante verskynsels wat hy in sy beroep teëkom wetenskaplik te verklaar en sistematies te orden. Cf. De Moor, op. cit., p. 81. Cf. ook Bingle. Die univer= siteit in die branding, p. 256.

vergestalting van universiteite in die gangbare sin van die woord gedurende die 12de en 13de eeu, het die vormingsmotief in die soge=naamde „artes liberales" tot uitdrukking gekom.[30] En al is dit dat daar in die 18de eeu in Europa verstarring gekom het, het die opvoe=dingsideaal van die denkers van die Verligting, die filosofiese idealis=me in Duitsland, en veral die „liberal education" in Engeland aan die begin van die 19de eeu, weer 'n swaar aksent op die vormingstaak van die universiteit geplaas. Dit is eers met die opkoms van die moderne intellektualisme en scientisme dat die pendulum weer deur=geswaai het na die ander kant sodat nie soseer onderrig nie maar na=vorsing, nie vorming nie maar wetenskapsbeoefening, prioriteit ont=vang het.[31] Dit is veral die geval in die V.S.A.

By die soeke na 'n suiwere perspektief op die vormingstaak van die universiteit, is dit nodig om te herinner aan dit wat as die struktuur=tipiese of eie-aard van die universiteit gestel is, nl. sy wetenskap=like werksaamheid en die wesenlike betrokkenheid van sy dosente en studente. Die laaste aspek kan eerste aan die orde gestel word om=dat dit die mees voor-die-hand-liggende is in enige opvoedingsituasie, ook selfs op tersiêre vlak.

In die algemeen geld dit reeds dat daar tussen mense in enige gemeenskap 'n subjek-subjekrelasie bestaan, omdat die mens nie geobjektiveer kan

30) Coetzee, op. cit., p. 209.

31) Loc. cit.

word nie. Waar mense wel as objekte beskou word, soos in die ge= val van slawerny of krysgevangenskap, is onteenseglik sprake van 'n sondige en nie-menswaardige situasie. Laasgenoemde geval word soms as 'n noodsaaklike kwaad geregverdig. Waar nou sprake is van vorming aan die universiteit, veronderstel dit 'n subjek-subjek= relasie tussen dosent en student. Dit bring mee dat daar 'n weder= kerigheid is wat te alle tye geëerbiedig moet word. Vorming in die juiste sin van die woord is altyd opvoeding in die sin van opbou en instandhouding van 'n tipiese etiese relasie.[32)]

Preller stel dit kernagtig soos volg: „Opvoeding is 'n wisselwerking, 'n geestelike dialoog in 'n ware ontmoetingsituasie, gekenmerk deur openheid, onderlinge vertroue en liefde, tussen 'n gevormde, volwas= se opvoeder en 'n hulpbehoewende, volwasse-wordende opvoedeling, waartydens die opvoeder met sy opvoedingsmiddele (leerstof, metode, tug ens.) doelbewus, opsetlik en planmatig hulp en leiding verleen aan die opvoedeling. Sowel opvoeder as opvoedeling is aktief betrok= ke by die opvoeding."[33)] Trouens, met die uitgangspunt van die student as subjek in die opvoedingsituasie, moet 'n hoë premie ge= plaas word op die in-staat-stel van die student deur die universiteit om homself te help vorm en sy gawes en talente tot volle ontplooiing te bring.

32) Cf. Popma, op. cit., pp.18 - 21.

33) Preller, S.J. Die opvoedingstaak van die universiteit. Koers, Jrg. XXXVII, No. 5, p. 349.

Die tweede aspek wat hier relevant is, is die wetenskaplike uitgangs= punt van die universiteit, ook in sy vormingstaak. Van Riessen noem die universiteit selfs die plek vir vorming in die wetenskap. Hy be= skryf hierdie besondere taak van die universiteit dan soos volg: „The student is trained for the habit of a learned man. The university aims at the cultivation of the mind. In addition to a content of knowledge, this cultivation means both the instrumentation and motiva= tion of the mind. The student has to learn how to attach a problem, how to investigate, analyze, think, reason, judge, withhold judgment, etc. ... We may say therefore that according to the structure of the university and the needs of society the university must train wise men of culture, capable of a scientific approach."[34)]

Dit is waar wat De Klerk beweer en in sy inougurele rede breed uit= werk, „... dat studentevorming volwaardig is alleen as vorming van die hele mens, as daar op al drie gekonsentreer word, wetenskap= like, professionele en geestelik-kulturele vorming."[35)] Maar in hier= die hele opset gaan in die universitêre situasie die wetenskaplike aspek tog onmiskenbaar voorop. Daar is ook ander instansies wat die taak het om jeugdiges professioneel en geestelik-kultureel te vorm, maar die universiteit alleen staan onder die verpligting kragtens sy eie-aard om dit wetenskaplik te doen. Vorming mag nie in die uni= versiteit onafhanklik van die wetenskap geskied nie. „Pas de concrete

34) Van Riessen, op. cit., pp.15, 18.

35) De Klerk, W.J. Studentevorming. Koers, Jrg. XXXIV, No. 6, pp. 79 - 100.

ervaring van het wetenschappelijk denken-en handelen opent voor de mens de mogelijkheid om de vraag naar vorming te stellen. ‚Zu bilden', zegt Schelsky, ‚ist - soziologisch gesehen - der wissenschaft=liche Fachmann als die strukturtragende Figur unserer Epoche'. ... De universiteit kan dus een vormende functie vervullen juist in en door haar wetenschappelijk onderwijs."[36)]

Genoemde vierderlei taak kan volledig of gedeeltelik, met periodieke klemverskuiwings, as die tradisionele taak van die universiteit beskou word. Dit vergestalt as't ware die tipiese eie-aard van die univer=siteit as gemeenskap van geleerdheid waarby dosente en studente be=trokke is. Die groot vraag is nou: het daar in die tweede helfte van die twintigste eeu iets bygekom? Kan daar vandag, soos vroeër gesuggereer is, sprake wees van 'n nuwe, na-buite-gerigte taak of take? Dit het ongetwyfeld tyd geword om die kontemporêre situasie in dié verband grondig en wetenskaplik in oënskou te neem en aan die hand van egte prinsipiële uitgangspunte tot verantwoorde gevolgtrek=kinge te kom. Dit gaan daarin dan nie om die de facto-situasie nie maar om die de jure-ideaal. Die aanslag van die moderne pragma=tistiese, fenomenologiese en funksionalistiese benadering van sake is in die huidige akademiese situasie so sterk dat talle wetenskaplikes geredelik bereid of onbewus besig is om die beginsel aan die praktyk op te offer.

36) De Moor, op. cit., p. 82. Cf. Bingle, op. cit., p. 262; Coetzee, op. cit., pp. 213, 214.

7.3.2.2 Nuwe take?

Die nuwe hang onlosmaaklik saam met twee sake, nl. die demokratisering van die universiteit en sy betrokkenheid by of gekonfronteerdheid met die buitewêreld. Ons sou hier reeds drie (vermeende?) take kon onderskei.

7.3.2.2.1 Akkommodasie

Daar is sommige wat meen dat die universiteit die taak het om akkommodasie aan al groter wordende getalle na-skoolse jeugdiges te verskaf. Bekend is die feit dat die grootskaalse uitbreiding van georganiseerde, veelal verpligte sekondêre onderwys, toenemende ekonomiese voorspoed, die tegnologiese ontwikkeling met hoër eise vir almal, die demokratiseringsideaal ens. ongetwyfeld vermenigvuldiging van studentetalle aan elke tersiêre inrigting meegebring het.[37)]

Universiteite is oor heel die wêreld tot barstens toe vol. Hierdie toenemende sosialisering en demokratisering van die onderwys het o.a. die bedoeling om almal, wie se I.K. dit toelaat, afgesien van stand, klas, ekonomiese vermoë, ras of kleur, tersiêre onderwys te bied. Dit skyn of in die toekoms, en wel nie meer ver in die verskiet nie, universitêre onderwys gesien sal word as die deelname aan

37) Cf. Meyer, P.J. Universiteit en gemeenskap. Koers, Jrg. XXXVI, No. 6, pp.407, 408.

'n normale onderwysproses. Soos die sekondêre skool 'n verlengstuk is van die primêre, so sal die tersiêre onderwys verlengstuk word van sekondêre onderwys. Daarby sal dit die patroon kan aanneem van gratis (soos in Rusland) en miskien verpligte tersiêre onderwys vir almal.

Vir eeue was die algemeen aanvaarde opvatting dat tersiêre onderwys geen reg nie, maar voorreg, geen aanspraak nie, maar privilege is. Dit was die privilege van die begaafde. Die kontemporêre situasie maak dit die pretensie van die adolessensie as sodanig. Dit hang saam met verhoogde lewenstandaard en met aanvraag deur die same= lewing vir meer gespesialiseerde en beroepsarbeid. Wat dus 'n voorreg was, het 'n reg geword en dit is vinnig besig om 'n obliga= sie te word vir feitlik elke adolessent. Die universiteit het sy eks= klusiwiteit verloor.[38)]

Die groot vraag wat ons besig hou, is of die universiteit die uitdaging moet aanvaar om die akkommodasietaak ten opsigte van die adolessen= te jeug op hom te neem. Die universiteite in die V.S.A. is op pad daarheen en is daarmee ook besig om sy tradisionele eie-aard met sy tradisionele taakstelling in te boet.

Dit lê nie op die weg van hierdie studie om oplossings vir sulke pro= bleme te probeer vind nie, maar daar behoort nietemin ernstig besin

38) Cf. Trow, op. cit., p. 5; Meyer, op. cit., p. 409.

te word voordat dit te laat is. In behoorlik beplande gedifferensi= eerde onderwys op tersiêre vlak lê waarskynlik 'n antwoord.

Prinsipieel gesien, het ons hier nie met 'n taak van die universiteit te doen nie maar met 'n organisasieprobleem waarby tog die inherente taak en eie-aard van die universiteit in gedrang kom. Behalwe die moontlikheid van differensiasie kan èn moet ook die moontlikheid van die optimale grootte van 'n universiteit, of van 'n bepaalde kampus ten minste, oorweging geniet. Die multiversiteit is 'n monster wat ten alle koste vermy moet word. Met in ag neming van talle faktore sou 'n kampus van 5 000 tot 7 000 studente as die maksimum beskou kan word. Meer as een kampus sou eventueel vir 'n groeiende uni= versiteit 'n oplossing kon bied. Probleme insake doeltreffende ad= ministrasie, effektiewe beheer en alomvattende kontrole, grootte van klasse, akkommodasie van personeel en studente naas talle meer sosiale en psigologiese probleme, word dan tot 'n minimum beperk.

7.3.2.2.2 Diens

Trow redeneer: „If one popular function is the provision of mass higher education to nearly everybody who applies for it, the second is the provision of useful knowledge and service to nearly every group and institution that want it. The service orientation of the American higher education is too well known to need discussion. But the demands on the universities for such service are increasing all the

time."[39] Daniel Bell stel dit nog sterker as hy teenoor die klassieke model van die universiteit met sy tradisionele funksies, die pragmatiese model beskryf. In laasgenoemde model geniet die diensmotief alreeds prioriteit. In die pragmatiese model „the function of the university is primarily one of service to the society: service in training large numbers of persons, service in the application of knowledge, service of the members of the university in government and elsewhere, and so forth."[40]

Ons het hier met 'n ontsaglik komplekse situasie te doen. Die universiteit bevind hom allengs in die posisie van die insek in 'n spinneweb. Hy is met duisend drade verbind aan en gebind deur, hy is op talle maniere gekonfronteer met die industrie, die staat, die kerk, die georganiseerde kultuur, die korporatiewe ekonomie, die gesondheidsdienste, die landbou, die militêre struktuur ens., ens. en hy word veelal gedwing om in sy talle verbintenisse die rol van „u dienswillige dienaar" te speel.

Langs hierdie weg word die hooffunksie van die universiteit die daadwerklike ingryping in die oplossing van die fundamentele menslike probleme: dit moet „a catalytic agent" word. Elke sosiale, ekonomiese en politieke probleem vorm 'n deel van sy funksie. Die universiteit mag geen ivoortoring wees nie; dit moet afdaal na die openbare mark

39) Trow, op. cit., p.3

40) Bell, op. cit., p.233.

van die lewe. Die belangrikste van die universiteit se taak is „the idea of relevance" en dit vereis 'n herwaardering van die sosiale funk=sie van die universiteit. Dit is volgens J. Chris Coetzee die stand=punt van Carmichael.[41] Dit skyn asof die ideaal van Carmichael wat aan die begin van die vyftigerjare uitgespreek is, grootliks gereali=seer is.[42]

Uitgaande van die prinsipiële eie-aard en van die genormeerde struk=turering van die universiteit, skyn dit asof ons in die diensaspek be=slis ook nie met 'n afsonderlike struktuurtipiese eienskap van die universiteit te doen het nie.[43] Indien ons dit wel so sou sien, dan kom die identiteit, die uniekheid, die eie-aard, die soewereiniteit in eie kring van die universiteit in gedrang, waardeur hy tot onvolwas=senheid en onselfstandigheid, indien nie totale afhanklikheid en minder=waardigheid nie, gedegradeer word. Dat daar kommunikasie, dialoog,

41) Coetzee, op. cit., p. 211.

42) Vir 'n omvattende bespreking van die „service activities" aan die Amerikaanse universiteit, cf. The report of the President's commission, p. 191 - 197.

43) Cf. Du Plessis, op. cit., p. 453.
MacIver waarsku ook teen die gevaar dat die eintlike funksie van die universiteit in gedrang kan kom, indien die diensmotief oorspan word: „The conclusion follows, if we accept the pre=mise, that the special function of the university is to extend and to impart knowledge. The conlcusion is deflected when the university is assigned other functions in such a manner that they interfere with limit, distort, or wholly take the place of the primary function." MacIver, op. cit., p. 11.

samewerking, selfs wedersydse diens tussen die onderhawige verbande moet bestaan, is vanselfsprekend. Maar mens sou hier van 'n inter=verbandsroeping wou spreek. Dan kan die universiteit wel gekonfron=teerd staan maar soewerein in eie kring, dan kan hy betrokke wees maar sy selfstandigheid behou, dan kan hy volksdiens verrig maar dit op 'n waardige, aan homself karakteristieke, wetenskaplike wyse doen. De Moor stel dit soos volg: „Aan de universiteit moet ook een actieve rol word toebedacht. Zij dient primair als een cultuuroverdragend en cultuurcreërend instituut te worden gezien, met name voor zover die cultuur uit wetenschap bestaat." [44]

44) De Moor, op. cit., p. 79. Cf. Coetzee, op. cit., pp. 222, 223: „Die universiteit het teenoor die volk en land in geheel ook nog 'n ander belangrike roeping. Dit moet ook sorg dra vir die behoud en oordrag van die nasionale kultuur, dit moet dus voorsiening maak vir die onderrig en leiding ten opsigte van die belangrikste aspekte van die nasionale kultuur ... Die Christelike universiteit moet in die volkslewe 'n sentrum van Christelike wetenskaplike lewe wees waar die wetenskap op Christelike grondslag beoefen en aan die volgende geslag oorge=dra word. Dit is die draer van die Christelike wetenskaplike element in die kulturele lewe ... "

7.3.2.2.3 Promotor van sosiale verandering

Daar is nog 'n derde, nuwe, na-buite-gerigte taak wat aan die moder=ne universiteit toegedig word en dit is dié van agent- of promotor-wees van sosiale verandering. Dit word ook die kritiese taak van die universiteit genoem. Hierdie vermeende en in elk geval baie reële uitdaging het langs 'n eienaardige maar verstaanbare weg voor die deur van die moderne universiteit te lande gekom. Die moderne universi=teit, as produk van die Humanisme, het in ekstreme mate reeds in die V.S.A. die idee van neutraliteit in die wetenskap gepropageer en in alle opsigte uitgeleef. Neutraliteit in die wetenskap veronderstel dan 'n waardevrye of a-normatiewe wetenskap. Verder veronderstel dit objektiwiteit, nie-betrokkenheid, algemeenheid ens. Nou is dit pre=sies teen hierdie opvattinge wat, nie maar van regse kant soos altyd nie maar van linkse kant, te velde getrek word. Dit is die revolu=sionêre denke wat tans 'n streep trek deur die hooggeroemde neutra=liteits- en objektiwiteitsideaal. En dit geskied vanuit twee fronte. Studente en dosente van radikale oortuigings binne die universiteit pleit en agiteer vir betrokkenheid, uitgesprokenheid, in een woord kri=tiek, met die gedagte van omkering van die bestaande orde. En die politieke en ekonomiese magstruktuur dring eenvoudig langs talle weë die vermeende outonome en neutrale universiteit van buite af binne en konfronteer dit met die noodsaaklikheid van 'n waardebepaling en posisiekeuse. Dit het die gesekulariseerde universiteit eeue geneem en dit het daarby die domkrag van revolusionêre magte gekos om die sinloosheid van neutraliteit in te sien. Waarskynlik was Kenneth Keniston die eerste wat aan die universiteit 'n spesifieke taak van

kritiek toegeken het.[45] Hy spreek die oortuiging uit dat 'n mens geen begrip vir die opkoms van die nuwe jeugopposisie, veral aan die universiteite, kan bekom, as mens nie oog het vir die mate waarin hoër onderwysinrigtings die sentrum van kritisisme van die kontempo= rêre samelewing geword het nie. So sterk voel hy oor die saak, dat hy sy artikel, wat reeds in 1967 geskryf is, begin met die stelling: „Among the major functions of the modern university, criticism is surely the most neglected."[46] In Amerikaanse konteks gesien, meen hy dan: „When criticism is discussed by the theorists of higher education, it is largely in an aside - to minimize its importance and prevalance, to explain it as a result of remediable defects within the university, or to defend it lamely and apologetically. Criticism, then, is the cuchoo's egg in the otherwise harmonious nest of tradi= tional university functions."[47]

45) Keniston, Kenneth. The university as critic. (In Keniston. Youth and dissent, pp. 127 - 142.)
Onder die opskrif: „Heeft de universiteit een politieke functie?" behandel De Moor in enkele paginas ook die vraagstuk van die kritiese taak van die universiteit en konkludeer: „Wanneer de universiteit het als haar taak ziet meer dan vroeger kritisch-geëngageerd invloed uit te oefen op de maatschappelijke ontwik= keling, dan zal een wijze zelfbeperking en een hoge mate van tolerantie en integriteit nodig zijn om hierdoor haar wetenschap= pelijke functie niet in gevaar te brengen." De Moor, op. cit., p. 96.

46) Ibid., p. 128.

47) Loc. cit.

Vir Keniston bestaan die kritiese funksie in die ondersoek na die doeleindes, praktyke, betekenisse en raakpunte van die samelewing. Kritiek is egter meer as eenvoudige analise en beskrywings deurdat dit ook waarde-oordele bevat. Kritiek karakteriseer nie alleen nie, maar verwerp en verdoem of prys aan ooreenkomstig bepaalde waar= des. Dit gaan egter vir hom nie maar om teoretiese waarde-oordele nie: „Moreover, the responsible critic will usually do more than analyze and evaluate; he will propose, recommend, and advocate action that accords with his judgements and promotes his ideals, and he will condemn, oppose, and reject what he judges worthless or evil. Criticism implies commitment to a position, and its natural consequence is action. To seperate critical thought from action is therefore to be blind to the fact that ideas have behaviour implications; to seek to promote the first but suppress the second is to try to un= man the critical intelligence ... I am arguing, then that to the traditional triumvirate of teaching, research, and public service a fourth function, that of criticism, must be added."[48)]

Die gedagtes van Keniston het waarskynlik, al is dit maar net op simboliese en verbygaande wyse, in die „Free Universities" of die anti-universiteite wat deur die studenteradikaliste self opgerig is, vergestalting gevind. Hierdie alternatief vir die bestaande univer= siteit was nie maar net 'n sprekende en sigbare getuienis van die studente se besware teen die bestaande orde van sake nie maar dit

48) Ibid., pp.128, 129, 133. (Onderstrepings deur my.)

was ongetwyfeld ook 'n poging om die kritiese, die kontramotief in die studentesubkultuur konkreet te inkarneer.

Wat Keniston met animo as kritiese taak in teorie en aksie bepleit, is soos vroeër aangetoon, allermins 'n inherente struktuurtipiese taak van die universiteit as sodanig. 'n Vereniging mag dit doen, akade=mici mag as burgers van die land daaraan meedoen indien dit aan relevante morele maatstawwe voldoen, maar die universiteit sou aan sy eie-aard ontrou wees as hy deur middel van sy dosente of studente die aktiewe promotor van sosiale ekonomiese of politieke verandering word. Dat op wetenskaplik verantwoorde wyse in gesproke en ge=skrewe woord die eietydse situasie geanaliseer en ge-evalueer word, is in elk geval nie in stryd met die akademiese navorsingstaak van die universiteit nie.

Alles in ag geneem, sou gekonkludeer kon word dat al die nuwe aan=sprake en uitdagings waarmee die universiteit in sy moderne opset gekonfronteer word, aan sy struktuurtipiese aard niks behoort te ver=ander of af te doen nie. Net soos wat 'n staat, wat sy vorm en opset betref, van tyd tot tyd en van land tot land kan verander sonder dat sy modale struktuur vernietig behoort te word, so ook die univer=siteit. Die universiteit behoort onder alle omstandighede prinsipieel gesien, sy tipiese struktuur as samelewingsverband te behou ook al word hy voor watter groot uitdaging van veranderde tye gestel. Om dit te kan doen is daar twee beginsels waaraan hy homself, ten op=sigte van sy verhouding na buite en na binne voortdurend moet toets. Dit is die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die beginsel van gesag en vryheid.

Dit is besonder opvallend dat dit reeds hierdie twee beginsels is wat in gedrang kom as die universiteit sy struktuurtipiese aard ignoreer en op vreemde paaie gaan. Dit geld die universiteit as geheel sowel as sy dosente en studente.

### 7.3.3 Soewereiniteit in eie kring

Die beginsel van die soewereiniteit in eie kring wortel in die leerstuk= ke van die volstrekte soewereiniteit van God en van die skeppingsor= dinansies. God het as soewereine Gebieder oor alle geskape dinge, die hele skepping onder sy wet gestel - in dié verband word nie soseer die wet van die tien gebooie bedoel nie maar die goddelike ordinansies en norme. Die geheel van die tydelike werklikheid van die skepping is deur God nie as 'n chaotiese massa daargestel nie, maar georden in sfere of kringe wat elk 'n eie struktuur vertoon. Elkeen besit soewereiniteit in eie kring op grond van die skeppings= ordinansies.[49)]

Om 'n duidelike beeld te bekom van die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die toepassing en uitwerking daarvan op die reforma= toriese lewensvisie en -praktyk, moet die aandag gerig word op die twee sterkste verdedigers van die beginsel, nl. A. Kuyper en

49) Duvenage, S.C.W. Kerk, volk en jeug. Zaandijk, J. Heijnis Tsz., 1962, p.228; Cf. Spier, op. cit., pp.52 - 57.

H. Dooyeweerd.[50] „Souvereiniteit in eigen kring" was die onder=werp van Kuyper se rede „ter inwijding der Vrije Universiteit" op 20 Oktober 1880. In die rede onderskei hy duidelik verskillende kringe of gebiede „met binnen den omtrek van dat gebied een eigen Souverein. Zo is er een gebied der natuur, waarin de Souverein op stof door kracht werkt naar vaste wet. Maar zoo ook een gebied des persoonlijken, des huiselijken, des wetenschappelijken, des maat=schappelijken en des kerkelijken levens, die aan een eigen levenswet gehoorzamen en allen staan onder eigen overhoogheid. Een gebied des denkens waarop geen andere wet dan die der logica heerschen. Een gebied van de consciëntie, waarop niemand souverein te gebieden heeft dan de Heilige Zelf. Een gebied eindelijk des geloofs, binnen welks omtrek alleen de perzoon zelf souverein is, die in het diepst zijns wezens door dat geloof zich wijdt."[51]

50) H. Evan Runner wat 'n besonder relevante analise gee van die soewereiniteit in eie kring, meen ook reeds by Calvyn spore daarvan te ontdek: „I should like to suggest that Calvin himself had, from his recovered knowledge of the centrality and totality of the Christian religion, come to some grasp of sphere-sovereignty as the basic principle of cosmic order." Runner, H. Evan. Sphere-sovereignty. (<u>In</u> Christian perspectives, Ontario, Canada, 1961, pp. 78, 79.) Uiteraard kan ons ons hier net by die hoofsake bepaal. Vir 'n volledige uiteensetting van die „Sociologische ontwikkeling van het beginsel der souvereini=teit in eigen kring in de 19de en 20e eeuw" verwys ons na die dissertasie van J. D. Dengerink.

51) Kuyper, A. Souvereiniteit in eigen kring. Amsterdam, 1880, pp. 11, 12.

Kuyper het nie tot 'n volledig deurdagte uitwerking van die beginsel van soewereiniteit in eie kring gekom nie, maar hy het duidelike rig= lyne gegee en met 'n grootse greep die fundering daarvan in die skep= pingsordeninge geleer. Dengerink konkludeer na breedvoerige behan= deling van Kuyper se visie ad hoc dat Kuyper se groot betekenis vir sosiologiese denke daarin bestaan dat hy die beginsel van soewereini= teit in eie kring in sy universele, kosmologiese betekenis gegryp, en die grondslag daarvan in die skeppingsorde op onoortreflike skerp wyse in die lig gestel het.[52] Ook Dooyeweerd poneer dat die ver= dienste van Kuyper daarin lê dat hy die soewereiniteit in eie kring weer wesenlik as skeppingsprinsipe gevat het en daarmee, wat sy grond= slag betref, onttrek het aan die historistiese kyk op die menslike same= lewing.[53]

Met nadruk poneer Dooyeweerd dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring 'n skeppingsbeginsel is wat onverbreeklik saamhang met die Skriftuurlike grondmotief van die Christelike religie. Dit leer ons nie alleen die onderlinge onherleibaarheid ken nie maar ook die on= verbreeklike innerlike verbondenheid van al die aspekte van die werklik= heid in die orde van die tyd.[54]

52) Dengerink, J.D., op. cit., p.161.

53) Dooyeweerd, H. Wijsbegeerte der Wetsidee. I, Amsterdam, 1935, p.52.

54) Id. Vernieuwing en bezinning om het reformatorisch grond= motief. Zutphen, 1959, pp.41, 42.

Daar kan, so toon Dooyeweerd verder aan, twee strukture in die werk= likheid binne die tyd opgemerk word. Die eerste is die werklikheid= struktuur volgens die onderskeie aspekte. Ons aandag word daarop gerig as ons die werklikheid benader in 'n wetenskaplike of teoretiese denkhouding. Hierdie aspekte ken ons in die tweede plek in ons werklikheidservaring van elke dag, maar dan in 'n ander samehang of struktuur, nl. as individuele totaliteite van konkrete dinge, gebeur= tenisse, handelinge, samelewingsvorme, ens. „In de ervaring van het dagelijks leven ... bied de werkelijkheid zich niet in haar ge= abstraheerde aspecten, maar concreet in de structuur van individuele totaliteiten als dingen, gebeurtenissen, handelinge, samenlevingsvor= men (gezin, staat, kerk, school, enz.)"[55)]

As skeppingsprinsipe kry soewereiniteit in eie kring deur die tweede onderskeiding ook sy tweede toepassing, en wel op die struktuur van samelewingsvorme soos gesin, kerk, staat, ens. Elkeen van die verbande van die samelewing het sy eie struktuurprinsipe wat - net soos die individualiteitstruktuur van die tydelike dinge - 'n bo-willekeurige, wetmatige karakter het en in die goddelike wêreldorde veranker is. Dooyeweerd lê daar klem op dat die religieuse wortel-eenheid van die mensheid, wat in Adam van God afgeval het en in Christus weer in gemeenskap met God gebring is, in ag geneem moet word. Dan word die oog geopen vir die innerlike eie-aard en vir die juiste onderlinge verhouding en samehang van die onderskeie

55) Ibid., p. 43. Cf. Id., Wijsbegeerte der Wetsidee. II, p. 343.

samelewingskringe. Dié verhouding word bepaal deur soewereiniteit in eie kring. Soewereiniteit in eie kring waarborg aan elke lewens=kring 'n eie innerlike aard en lewenswet, en dus ook 'n oorspronklike gesags- en bevoegdheidsfeer, wat nie aan die gesag in een van die an=der kringe nie maar regstreeks aan God se soewereine gesag ontleen is.[56)]

Uit die voorgaande bemerk ons dat Dooyeweerd - op die voetspoor van Kuyper en soms ook met 'n korreksie op Kuyper[57)] - aan die beginsel van soewereiniteit in eie kring 'n skerp wetenskaplike presise=ring gegee het. Hy het dit uitgewerk tot 'n wysgerige werklikheids=leer,[58)] en op talle maniere aangetoon dat die verontagsaming van hier=die beginsel tot allerlei eksesse lei. Dit is by hom nie 'n sisteem wat in die lug hang en wat slegs in wysgerige diskussie kan diens doen nie; nee, dit is afgestem op die werklikheid omdat dit konkrete toepassing vind op die menslike samelewing waarin elke verband sy eie struktuur het.

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring, toegepas op die universi=teit, onderstreep die feit dat die universiteit 'n unieke, onherleibare, eiesoortige samelewingsverband is wat onderworpe is aan sy eie le=wenswet kragtens sy skeppingstruktuur. Sy gesag het hy nie ontleen

56) Id. Vernieuwing en bezinning, pp. 46, 47.

57) Cf. Id., p. 52.

58) Cf. Dengerink, op. cit., p. 227.

van 'n ander kring nie, bv. aan die staat of die kerk nie, maar dit het sy gesag direk van God ontvang. Sodra sy selfstandigheid as sa=melewingskring bedreig of gerelativeer word, sodra sy posisie van neweskikking met ondergeskiktheid aan watter ander samelewingskring ook al, vervang word, dan kom die beginsel van soewereiniteit in eie kring in gedrang. Maar net so min as wat die universiteit die oor=heersing van 'n ander kring buite hom, soos die staat of die korpora=tiewe bedryfslewe, mag duld, net so min mag dit van binne uit deur die optrede van dosente of studente of selfs die administrasie ten op=sigte van sy selfstandigheid en soewereiniteit in eie kring bedreig word. Indien òf die samelewing òf die lede van die universiteit self sou toelaat dat grense uitgewis word, dat allerlei soorte aktiwiteite onder die vleuels van die universiteit ingeskakel word, dat die univer=siteit verpolitiseer of gekommersialiseer word, dan word die universi=teit in sy besondere struktuur met soewereiniteit in eie kring aangetas.

Vroeër is melding gemaak van die interverbandsroeping van die univer=siteit. Dit kan en moet gehandhaaf word. Die universiteit is immers ook onderhewig aan die beginsel van universaliteit in eie kring omdat dit deur talle bande verbind is met ander kringe. Dit bring same=werking met erkenning van neweskikking, vervlegtheid met erkenning van soewereiniteit in eie kring, onderlinge ondersteuning met behoud van elkeen se selfstandigheid, interafhanklikheid selfs sonder opheffing van eie identiteit mee. Talcott Parsons bring dieselfde gedagte onder ander, minder prinsipieel begronde, bewoording as hy konstateer: „The academic and nonacademic worlds are not only interdependant, they are interpenetrating... Yet, autonomy is an essential condition

of the system's ability to function as an agency of creative innovation in the advancement of knowledge and of its application."[59)]

Wat Parsons outonomie noem, sou beter omskryf kon word as soewe=reiniteit in eie kring omdat die tipiese individualiteitstruktuur van die universiteit in sy verhouding tot ander samelewingskringe daardeur be=ter aangedui word.

Aangesien die universiteit ten opsigte van sy interne samestelling uit verskeie komponente bestaan soos dosente en studente in die eerste plek, maar verder ook die administrasie en die raad, en aangesien hierdie samestellende dele ook beperkte selfstandigheid naas mekaar besit, is dit beter om hier te spreek van die outonomie (relatief ge=sproke natuurlik) van elkeen van die dele.

Dooyeweerd redeneer: „Zoo mogen dan de deelen binnen het geheel als zoodanig een relatieve outonomie bezitten, gelijk een menselijk lichaam."[60)]

Taljaard beklemtoon die outonomie van die afsonderlike komponente as hy onderskei tussen verskeie fasette binne die geheel: „Die interne

59) Parsons, Talcott. The academic system: a sociologist's view. (In Bell and Kristol, op. cit., pp.160, 161.); Cf. Coetzee, W.N. Perspektief. Koers, Jrg. XXXVII, No. 5, p.329.

60) Dooyeweerd, Wijsbegeerte der Wetsidee. III, p.563.

funksie van die universiteit vereis egter 'n ingewikkelde organisasie wat uitkristalliseer het in 'n aantal groot fasette, elk met betreklike outonomie. So is daar die akademiese en administratiewe fasette, daar is die aspek van ontwikkeling, van biblioteek, die sport en stu=dentelewe. Hulle almal is maar aspekte van die universiteit en moet derhalwe in al hul doen en late, intern en ekstern, om vry te wees, gehoorsaam wees aan die struktuurprinsipe van die universiteit. Hulle eie vryheid is niks anders as vryheid tot gehoorsaamheid eventueel aan die struktuurprinsipe van die universiteit nie. Elkeen het egter 'n eie faset om te behartig en hierbinne is dus weer fynere onderskeidinge van die struktuurprinsipe nodig om te kom tot die outonomie van elk van hierdie fasette."[61] Ons stuit hier op 'n ontsaglik belangrike onderskeiding en konklusie met die hulp waarvan studenteaktivisme la=ter beoordeel kan word.

Tussen die verskillende samestellende dele van die universiteit sou dan van 'n intraverbandsroeping sprake kon wees. Hierdie <u>intra</u>=verbandsroeping wat vir die verhoudinge na binne bepalend is, sowel as die <u>inter</u>verbandsroeping van die universiteit as geheel wat vir die verhoudinge na buite bepalend is, word deur die erkenning van die uiters belangrike beginsel van gesag en vryheid intakt en gebalanseerd gehou. Naas die beginsel van soewereiniteit in eie kring is die be=ginsel van gesag en vryheid van onmisbare betekenis om die struktuur=tipiese van die universiteit volledig te verstaan.

61) Taljaard. Akademiese vryheid, p. 429.

### 7.3.4 Die beginsel van gesag en vryheid

#### 7.3.4.1 Oorsprong van gesag

Wat die oorsprong van die gesag betref sou dit teruggevoer kon word tot twee moontlikhede. In die een geval is daar die moontlikheid dat die mens in homself die oorsprong van die gesag sien. Die mens sien hom dan self as outonoom, m.a.w. hy stel sy eie wet. In die loop van die geskiedenis het dit in die staatslewe tot velerlei open= baringe gekom. Hierdie opvatting kom duidelik aan die lig in 'n aristokratiese samelewingsvorm of by 'n diktatorskap. Dit kan selfs tot openbaring kom in die demokrasie waar dit nie suiwer funksioneer nie. Feit is dat die Humanisme aanleiding gegee het tot talle vorme van gesag waar die mens in die middelpunt staan en homself as outo= noom beskou.

Dit is opvallend hoedat in die loop van die eeue die Humanisme twee uiteenlopende konsekwensies meegebring het ten opsigte van gesags= verhoudinge in die menslike samelewing. By albei hierdie konse= kwensies van die Humanisme kom die aspek van gesag en van gesags= verhoudinge in gedrang. In die een geval loop dit uit op totalitaris= me, 'n oorbeklemtoning van gesag dus, en in die ander geval loop dit uit op die uiterste liberalisme, wat 'n miskenning van die gesag in= hou. Vir albei hierdie uitwasse gee die verloopte demokrasie ruim= skoots onderdak.

Die Christen verwerp op grond van die lig van die Woord van God beide die vorige uiterstes in verband met gesagsverhoudinge. Beide

daardie uiterstes opereer met uitsluitlik humanistiese gereedskap. Dit beweeg op horisontale vlak en daarom moet dit vroeër of later beland in 'n „cul de sac". Daar is egter die alternatief wat die Skrifgelowige aanvaar, nl. dat die bron van alle gesag afkomstig is van God. Vra ons na bewyse, kan daar in die eerste plek verwys word na die kultuuropdrag wat die mens in die paradys ontvang het. Toe reeds, heel aan die begin, is die mens in 'n gesagsposisie ge=plaas deur God. Maar op talle ander plekke in die Skrif word die saak van gesag aangesny: ten opsigte van die wêreldlike owerheid word dit in Romeine 13 onderstreep; ten opsigte van die verhouding van ouers en kinders sowel as die van werkgewers en werknemers in Efesiërs 5 en 6. In I Petrus 2 vers 13 en volgende verse is daar selfs sprake van elke menslike verordening. In Johannes 19 vers 11 sê Jesus ook uitdruklik aan Pilatus wat aanspraak gemaak het op outo=riteit oor Jesus: „U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie." In al hierdie uitsprake vind ons gesag nie uitsluit=lik maar as 'n horisontale saak nie, 'n saak van verhouding tussen een persoon en 'n ander nie, maar hier is ook 'n vertikale lyn by betrokke. In al hierdie uitsprake blyk dit duidelik dat daar maar een is wat die Outeur is van alle outoriteit, wat die eintlike Gesags=draer is en dit is God. Onder mense is gesag dus altyd relatiewe gesag. Nooit kan daar onder mense sprake wees van absolute gesag nie. God alleen is absolute Gesagsdraer.

### 7.3.4.2 Amp en roeping

Om die saak van gesag en gesagsverhoudinge in Skriftuurlike lig duide=liker te verstaan, is dit nodig om in die bespreking 'n begrip te betrek

wat in humanistiese kringe reeds totaal in onbruik en in onguns geraak het, dit is die begrip amp (officio). Die Latynse woord kan ook diens beteken. Daar is 'n uitspraak van Petrus wat besonder heldere lig op hierdie aangeleentheid werp, nl. I Petrus 4 vers 10 en 11. Dit lui soos volg: „Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet hulle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, so=dat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid." Die Griekse woord wat hier vir bedienaars gebruik word, dui 'n diens of amp of selfs rentmeesterskap aan wat te doen het met beheer of administrasie. Die bedoeling van Petrus is dan dat die mens geplaas is in 'n posisie van beheer en administrasie en dit is aan hom gegee, dit is aan hom toevertrou. Of dit nou in die familie of besigheid of in watter ver=houding ook al is, hy is geroepe tot diens. Hy besit gedelegeerde gesag. Hy is verantwoordelik aan die eintlike Gesagsdraer, nl. God.[62)]

Van Riessen druk dit soos volg uit: „De gezagsdragers in enig ver=band hebben hun bevoegdheid dus niet om hunszelfs wil, zijn ook niet in elk opzicht de schakel tussen de oorspronkelijke Opdrachtgever en

62) Cf. Schrotenboer, Paul G. Man in God's world, the biblical idea of office. Toronto, A.R.S.S., 1966, pp. 3, 4; Schouls, Peter. Insight, authority and power. Toronto, Wedge Publishing Foundation, 1972, p. 14.

de ondergeschikten, zij staan in hun ambt, opdat de mensen in het gekwalificeerde samenwerken of -leven tot de vervulling van hun ambt, hun cultuurroeping kunnen komen, in rechtstreekse, vrije verantwoor=delijkheid voor God, die hen tot Zijn dienst roept. Ziedaar het springende punt in het beginsel van gezag en vrijheid. Gezag en vrijheid vormen een balans, die in constructieve zin de coördinatie van de gekwalifceerde cultuuropdracht beoogt, in beschermende zin de arbeid behoedt tegen de doorwerking van de zonde; enerzijds wille=keur en misbruik van de vrijheid werend, anderzijds voorkomend de omkering van de orde van gezag en vrijheid door machtsursurpatie. Een despoot verstaat niet, dat zijn gezag dienen moet om het milieu te vormen, waarin de mensen met zo groot mogelijke bewegingsvrij=heid hun roeping kunnen volgen, hun gekwalificeerde cultuurarbeid kunnen verrichten."[63)]

In die breedste sin van die woord is die mens geroep om die ganse wêreld te beheers en daaroor gesag uit te oefen. Dit was reeds die opdrag in die paradys. In Psalm 8 word dit treffend gestel dat God die mens gestel het oor die werke van sy hande en dat alles on=der sy voete gestel is. Die mens het dus 'n groot opdrag en hy is groot vanweë die feit dat hy oor veel gestel is. Aan die ander kant is hy uiters klein en gering in vergelyking met die hemel en in ver=gelyking met sy Opdraggewer. Die mens het 'n roeping om in 'n bepaalde verhouding tot andere te staan. Sy posisie en sy verhouding

63) Van Riessen, H. De maatschappij der toekomst. Franeker, Wever, 1953, p. 89.

tot God maak hom 'n diensknog wat geroep is tot gehoorsaamheid en sy posisie en sy verhouding tot die medemens maak hom 'n wagter. In sy verhouding tot die wêreld is die mens 'n rentmeester wat getrou gesag moet uitoefen in die naam van God.[64)]

Belangrik is nou in ons bespreking die mens se verhouding tot sy medemens waarin hy as geroepene, as draer van die amp, 'n wagter is. Hy word in 'n posisie van gesag oor andere geplaas. Daar moet dus erken word dat daar op aarde onder mense nie gespreek kan word van 'n algehele gelykheid wat verhoudinge betref nie. Daar is in die onderlinge verhoudinge 'n deur God gewilde posisie van mindere en meerdere, van onderdane en owerhede. Daar is sommige wat die verantwoordelikheid van gesagsposisies moet aanvaar en dra en daar is andere wat moet volg. Die geheim om die posisie van gesag nie te laat ontaard in tirannie nie, lê in die erkenning dat elke gesags= draer relatiewe gesag het en per slot van rekening diensknog is van God. Hy alleen besit absolute gesag.

Na aanleiding van hierdie prinsipiële uitgangspunte kan ons dus konklu= deer dat die mens nooit outoriteit in homself besit nie. Hy is gesags= draer in opdrag van die eintlike Outeur van alle wette van die mens= like bestaan, nl. God. Om op aarde outoriteit te besit is die deel= name in die skepping in naam van die Outeur sodat sy Woord beheer kan uitoefen. Waar die Outeur en sy Woord verdwyn, daar vind

64) Schouls, op. cit., pp. 4, 5.

plaas die afbraak van die struktuur van outoriteit. Waar dit egter erken word, daar tree die mens op kragtens die outoritatiewe sentrum in sy lewe. Hierdie sentrum is die Woord self. As die sentrum verdwyn, dan word outoriteit as sodanig leeg en betekenisloos.

7.3.4.3. Gesag, mag, insig en verantwoordelikheid

Daar moet duidelik onderskei word tussen gesag en mag of krag. Belangrike faktor om hierdie onderskeiding suiwer te begryp, is die begrip insig of kennis. As iemand nl. met gesag beklee is maar hy oefen die gesag nie met insig, kennis en oorleg uit nie, dan is dit misplaasde gesag. Dan word dit alleen magsuitoefening en dit gee aanstoot en wek weerstand.

As persone in outoriteitsposisies nie daarin slaag om hulle gesag reg te beoefen nie, dan dwing dit geensins respek af nie maar eerder weerstand, minagting en vyandigheid. Mens kan hier die vergely= king tref met 'n masjien wat met brute krag of geweld gehanteer word. Dink byvoorbeeld aan 'n ysbreker in die Noord- of Suidpool. Dit is 'n kragtige instrument om die ys-oseane oop te breek en be= gaanbaar te maak vir skepe. Maar dit moet gekontroleer word. Die inherente krag is masjinale krag sonder inherente oorleg of ken= nis. By mense is dit anders of behoort dit anders te wees. 'n Mens word in 'n gesagsposisie geplaas en as hy dit kombineer met insig en kennis dan kan hy inderdaad kragtig of met mag optree. Mag en gesag gaan dus op legitieme wyse alleen saam waar daar in= sig of kennis is. Mag sonder insig is destruktief soos by 'n masjien.

Mens vind soms dat 'n koning wat by wyse van monargale oorerwing op die troon kom, sy gesagsposisie vanweë swakheid en dwaasheid misbruik. Daar is dan wel sprake van uitoefening van mag maar omdat die insig, die wysheid en die bekwaamheid ontbreek, doen dit die gesagsposisie geweld aan.[65] Natuurlik vind ons by alle mense wat geroepe is om in gesagsposisies te staan, gebreke en swakheid. Die sonde het meegebring dat geen enkele menslike gesagsdraer vol=maakte insig en bekwaamheid het nie. Die genade in Christus skenk egter hier die uitsig en die troos. Hy wat roep, is getrou, Hy sal dit ook doen. Afhanklikheid van die eintlike Outeur en steun op sy Woord, die gesagskern of gesagsbron, maak gesagsuitoefening van on=volmaakte mense sinvol. 'n Mens met gesag kan alleen op legitieme wyse sy gesag uitoefen en ook met mag optree as hy luister na die Woord van God en buig voor die soewereiniteit van Christus.[66]

65) Schouls, op. cit., p.12; Schrotenboer beklemtoon die noodsaak=likheid van die intieme relasie tussen die aspekte van amp en in=sig: „Another reason for the discredit that has befallen the idea is that the position of the officer is often divorced from the qualifications of his person. This seems to be especially pre=valent when office is hereditary ... Where authority is divorced from ability that is needed to effectively administer a post, the administration limps and those who are under it become the victims of maladministration." (p.15.)

66) Cf. Van Riessen, op. cit., p.97: „Geen gezag is veilig dan bij de erkenning, dat het geworteld is in en beperkt is door de souvereiniteit van Christus. Geen vrijheid kan opbloeien en bewaard blijven dan op het fundament van het verlossingswerk van Christus. (Gal. 5:1.)"

Vanselfsprekend gaan gesag ook gepaard met verantwoordelikheid. El=ke gawe wat 'n mens ontvang, plaas op jou 'n verantwoordelikheid. Die spreuk dat voorregte verpligtinge meebring, is nog altyd basies waar. Wie geplaas word in die posisie van gesag moet dit beskou as 'n gawe, 'n roeping. Hy is 'n bedienaar van een aspek van die veelvuldige genade van God en hy staan noodwendig verantwoordelik - nie in die eerste plek aan mense nie maar aan God wat geroep het.

In hierdie verband kan gewys word op nog 'n dwaling van die Humanis=me. Tipiese humanistiese beskrywing van gesag is dat dit 'n saak is aangaande die verhouding tussen mense wat deur mense gereël word. Gesag sou dan menslike mag beteken wat erken en aanvaar word deur hulle wat daaraan onderworpe is.

Die onderhoriges aan gesag moet dan eers verklaar: Ek erken hier=die gesag oor my omdat ek saamstem met die doel daarvan. Op hierdie wyse word gesag afhanklik gestel van die instemming van die objek van gesag. Dit is louter humanisties en per slot van rekening die uitgangspunt van die moderne permissiewe samelewing waar gesags=miskenning die weg open vir anargie.

Nee, die gesagsdraer as die subjek sowel as die gesagsonderhorige as die objek, is onderworpe aan hoër gesag en aan die norme van die Woord van God. Geen volksoewereiniteit nie maar erkenning van God se soewereiniteit roep die gesagsdraer op tot verantwoorde=likheid en die gesagsonderhorige tot gehoorsaamheid.

### 7.3.4.4 Diverse tipes van gesag

Om die aspek van gesag in die struktuur van die universiteit as ge= differensieerde samelewingsverband te bepaal, moet vooraf onderskei word tussen verskillende tipes van gesag.

Die gangbare onderskeiding wat in die sosiologie gemaak word is die van Max Weber. Hy het vorendag gekom met die besonder voor-die-hand-liggende en logies geregverdigde indeling van charismatiese, tra= disionele en legale gesag.[67)]

„Charisma" beteken genade en charismatiese gesag beteken die gesag van die begenadigde leier. Diegene oor wie gesag uitgeoefen word aanvaar die leier vanweë sy voortreflike kwaliteite en hulle volg hom solank as wat hy die kwaliteite openbaar.

Die grondslag van die tradisionele gesag is die aanvaarding van die legitimiteit van die tradisie terwyl die grondslag van die legale gesag geleë is in die geloof aan die legitimiteit van die amp. In laasge= noemde geval is dit nie soseer die persoon nie maar die amp wat ge= hoorsaamheid oproep. Gepaard daarmee gaan in die reël ook erken= ning van vaste reëls en noukeurige taakverdeling.[68)]

67) Weber, Max. Wirtschaft und Gesellschaft. Tübingen, Mohr, 1922, pp. 157 v.

68) Cf. Van Zuthem. Gezag en zeggenschap. Kampen, Kok, 1968, pp. 38 - 40.

Naas hierdie drie onderskeidinge word in die jongste tyd nog twee tipes van gesag onderskei wat nie soseer op een of ander geloofs= apriori gebaseer is nie, maar op empiriese gronde. Die nuwe tipes van gesag word in die reël nie totaal los van enige van die vorige tipes gesien nie maar meer as aanvulling. Die eerste van die by= komende tipes kan genoem word rasionele gesag waarin die aspek van deskundigheid op die voorgrond staan. Die deskundigheid word uiter= aard deur die gesagsdraer in belang van die invloedsmindere of onder= horige aangewend. Ons het hier dus te doen met die reeds genoemde aspekte van insig, bekwaamheid en selfs verantwoordelikheid.

Die laaste tipe wat onderskei word, word genoem funksionele gesag en beteken die legitimering van magsuitoefening deur instemming van die kant van die gesagsonderhoriges.[69)] Ook dié aspek is reeds aange= sny. As ons nou die gesagsverhoudinge aan die universiteit aan die hand van hierdie onderskeiding van vyf gesagstipes moet ontleed, dan skyn dit of daar sprake kan en moet wees van 'n kombinasie van le= gale en rasionele gesag.

7.3.4.5 Gesagsverhoudinge aan die universiteit

Aan die universiteit is daar 'n redelik komplekse gesagstruktuur waar= van die belangrikste komponente seker is die raad met die administrasie,

69) Ibid., pp.42 - 44; Peper, Bram en Wolters, Willem. De lasti= ge universiteit. Rotterdam, Universitaire Pers, 1970, p.25.

die senaat en die dosente en studente. By almal is ook betrokke die rektor wat in 'n besondere mate die sentrale gesagsfiguur aan die uni= versiteit is. Om al die verhoudinge in detail te behandel is 'n om= vangryke taak. Enkele verhoudinge wat as die belangrikste beskou word, word in behandeling geneem. Laat ons begin met die gesags= verhoudinge ten opsigte van die primêre taak van die universiteit nl. sy onderwys- en opvoedingstaak.

Die dosente aan die universiteit is geroep tot 'n bepaalde amp of taak: dié van onderwys en opvoeding van studente. Daar is verskil tussen ouers en dosente in dié sin dat dosente professionele opvoeders is en daarom veelal oor dieper insigte ten opsigte van die norme van die opvoedkundige proses as ouers beskik.

Verder werk hulle meer gespesialiseerd as die ouers. Nietemin het ook dosente kulturele vormende mag oor die ontwikkeling van die stu= dente wat aan hul toevertrou is. 'n Dosent of onderwyser moet sy student of skolier in 'n sekere rigting lei sodat hy kan ontwikkel tot selfstandige wetenskaplike denke en tot kulturele volwassenheid. Die dosent se onderwys- en opvoedingstaak word gedirigeer vanuit die ge= sagsentrum van sy lewe - òf hyself òf die Woord van God. Indien dit die Woord van God is, dan word hy beheers in die beoefening van sy gesag deur die norme van die Woord van God.[70] Hier het ons dus te doen met legale gesag. Die ampskarakter geniet prioriteit.

70) Cf. Schouls, op. cit., pp. 39, 40.

Aan die ander kant geld egter ook die vroeër gestelde uitgangspunt nl. dat gesag gepaard moet gaan met insig, met kennis en met deskundig=heid. Aangesien alles in die akademie draai om die spil van die in=sig en kennis, dra dit in die gesagsuitoefening ook besondere gewig. Die legitimiteit van die gesag van die dosent tree by groter kennis steeds duideliker aan die lig. Hier is selfs sprake van 'n proses. Die studente kan groei in kennis en uiteindelik die dosent se weten=skaplike eweknie wees. Die dosent behoort daaraan erkenning te verleen deur die student medeverantwoordelikheid toe te ken en hom in die posisie van vennoot te plaas. „'n Leerling is nie bo sy mees=ter nie; maar elkeen wat volleerd is, sal soos sy meester wees." (Luk. 6:40.)

Hierdie aspek verteenwoordig die rasionele gesag.

Albei hierdie relevante vorme van gesag moet noodwendig met die tipiese struktuur en eie-aard van die universiteit as 'n akademiese gemeenskap van dosente en studente korreleer. Ook die student staan in 'n bepaalde amp, ook die student het 'n bepaalde taak aan die uni=versiteit wat verantwoord, „coram Dei" verrig moet word. Ook in die student se amp sit 'n groot stuk dinamiek en aktiwiteit.

Die ongeloofswetenskap erken nie die Outeur van alle outoriteit nie en opereer nie met die outoriteitsentrum in die menslike bestaan, nl. die Woord van God, nie. Wie hierdie basiese uitgangspunte erken, ken ook aan die faktor van gesag sy regmatige plek toe in die opvoedkun=dige proses. In die onderwys- en opvoedingsproses is die doel om die student te lei tot intellektuele onafhanklikheid en tot kulturele

volwassenheid. Hy moet gelei en gevorm word om vanuit die hart self te respondeer op die gesagsentrum in sy lewe, nl. die Woord van God. Alleen só word gekom tot egte selfdissipline. Die objektiewe norm is vir dosent en student dus bepalend. Outoriteitsuitoefening in onderwysverhoudinge word gekwalifiseer deur die roeping van die dosent om studente te bring tot 'n selfstandige, verantwoordelike respondering op die norm ooreenkomstig die Woord van God.

Vanselfsprekend is die verhouding van dosent-student nie meer dié van onderwyser-skolier nie. Die student verkeer in sy adolessente of selfs laat-adolessente jare en van die kant van die dosent behoort daar die nodige respek betoon te word. Tirannieke optrede of diktator-prosedures, gebod op gebod en regoristiese moenies en magnies, verkleinering en sarkasme is afstootlik en onvanpas. Dit gaan dus nie om dwingende, juridiese gesagsuitoefening nie. Eerder is daar sprake van morele, geestelike, innerlike, opvoedkundige, akademiese gesag wat oortuig en oorreed, wat belangstelling en begrip openbaar, wat inspireer en vergewe langs die weg van openheid en invoeling. Só kan dosent en student in der waarheid op verantwoordelike wyse bedienaars wees van die genadegawes wat aan hulle toevertrou is.

### 7.3.4.6 Vryheid in die algemeen

Van bogenoemde beginsels is die beginsel van vryheid in die menslike lewe en ook in die akademie maklik af te lei. In die algemeen sou vryheid beskryf kon word as 'n eienskap wat behoort tot die bestaan van die mens as mens en dit vind sy diepste grond in die skepping

van die mens na die beeld van God. God het die mens nie soos die onbesielde natuur geformeer wat alleen aan die natuurwette onderworpe is nie maar Hy het hom as sy beelddraer geskep vir wie beginsels, norme en maatstawwe geld - almal sake wat ook nie gehoorsaam kan word nie. In onderskeiding van die lewe van die res van die skepping, is die menslike lewe dáárdeur getipeer dat die mens geskape is met nie alleen 'n eie fisiese en organiese bestaan nie maar ook met 'n psigiese en logiese bestaan waarmee hy voel en dink, gewaarword en oorlegpleeg. Bowendien het hy onder andere sosiale, juridiese, etiese en selfs religieuse verantwoordelikhede.

Die mens kan sê „Ek" en daarmee is hy bewus daarvan dat hy 'n wese is wat self nadink oor sy bestaan, wat 'n eie selfbepaling of keuse het en wat vir sy dade, woorde en gedagtes, ja vir sy hele lewe moet instaan, waarvan hy self die draer is en dus nie opgaan in 'n onderdeel-te-wees van 'n planmatige en wetmatige natuur nie. Hy is sekerlik ook met duisend bande aan die natuur gebonde en 'n lid daarvan maar tewens stel hy hom daarteenoor en kan hy hom verhef daarbo, maak hom daarvan vry en neem 'n eie plek daarby in.

Die feit dat die mens geskape is as 'n wese vir wie norme geld, wat gehoorsaamheid verg, sien ons sy vryheid. By die natuur praat ons van wette en noodwendigheid, by die mens van norme en vryheid. In dié vryheid kom uit die mens se gelykenis met sy Skepper. God self is die Vrymagtige, wat in sy dade volkome vry en onafhanklik is en van hierdie vryheid is daar 'n trek, 'n ooreenkoms in die mens. As die mens kind is van die absolute vrye God, kan hy geen slaaf wees nie. Wel is Skepper en skepsel deur die diep kloof geskei dat

Gods vryheid 'n onafhanklike vryheid is en Hy aan niemand gebonde is nie behalwe aan Homself, terwyl die menslike vryheid 'n afhanklike vryheid is. Die mens moet m.a.w. weet dat hy na Gods beeld ge= skape is en nie God self is nie. Hy moet weet dat sy vryheid die beeld van Gods vryheid moet wees en nie Goddelik onafhanklik nie.

Van so 'n vryheid sê Stoker: „Die mens moet ook gehoorsaamheid aan Gods wil ervaar, nie as 'n beperking en inkrimping van sy vry= heid nie maar as 'n voorreg, 'n Christelike gawe, wat alleen 'n vrye mens kan geniet. Hy ervaar gehoorsaamheid aan Gods wil as die enigste moontlikheid tot vryheid, as die vanselfsprekende voorwaarde van menslike vryheid, as 'n wonderlike genadegawe van God, as die hoogste verwesenliking van sy vryheid. Vryheid is geen band nie maar 'n voorreg, 'n genadegawe, iets wonderliks positiefs." [71)]

Vryheid is dus nie om los te wees van alle bande nie maar 'n vrywil- lige gebondenheid teenoor of liewer gehoorsaamheid aan bepaalde nor= me of waardes. Dis 'n binding aan die wesenseie. 'n Vis is alleen vry in die water; 'n voël alleen in die lugruim; die trein alleen op die spoor; die voortsnellende motor alleen op die gebaande pad. So word die mens alleen werklik vry indien hy hom gebonde weet aan die deur God gestelde norme.

Waar God die mens met volle vryheid geskape het, is die vryheid

71) Stoker, H.G. Vryheid. (In Drie Lesings, Geref. Jongeliede Verenigings, 1937, pp. 14, 15.)

deur die sondeval aangetas, nie formeel nie maar wel materieel. In Christus, wat die sonde weggeneem het en die mens met God versoen, word die vryheid egter weer herstel. Ware vryheid is dan die har= monie tussen ons wil en die norm, die maatstaf wat God gegee het en waarin die wil van God weerspieël is. Valse vryheid ignoreer die norm en die gebondenheid aan die gesag.

In die ware vryheid kom die koningskap van die mens ook tot verwerk= liking. Dit is in ware vryheid wat hy heerser word en ook uitdruk= king gee aan die opdrag om heerskappy te voer oor die geskape dinge.

### 7.3.4.7 Vryheid in akademiese konteks

In akademiese konteks ontvang die beginsel van vryheid vanselfsprekend ook 'n akademiese kwalifikasie. Allerweë word van akademiese vry= heid gespreek. Daar is egter min begrippe wat so misbruik is en waaroor soveel uiteenlopende en verwronge standpunte bestaan as juis hierdie begrip. Soms is dit as 'n wapen gebruik om teenstanders aan te val en soms is dit as 'n verskansing gebruik om aanvalle af te weer. Deur talle is die begrip ten regte as 'n vaandel aangewend waardeur die wetenskap sy triomfantelike opmars deur die eeue ge= maak het; deur ander weer is dieselfde vaandel ten onregte gebruik om 'n lading te dek wat geensins akademies of wetenskaplik bestem= pel kan word nie. Onder die vlag „akademiese vryheid" het die universiteitskip veelal in vreemde waters gevaar, waters wat weinig met die akademie te doen het en waar die veroorloofde vryheid 'n ge= vaarlike aantasting van die suiwere betekenis van die begrip geword het.

Theo van Wyk aksentueer hierdie veelvuldige gebruik en misbruik van die begrip soos volg: „Dit word soms gebruik om vryheid van staats= beheer of van samelewingsverbande te eis, soms vryheid van dosering en navorsing, gewoonlik vryheid van denke, en teenswoordig veral vry= heid van spraak, 'n sogenaamde onvervreembare demokratiese reg."[72)]

Die rede vir die universele begripsverwarring kan gesoek word in die hele veranderde opset van die samelewing waarvan die universiteit 'n uiters belangrike integrerende komponent vorm. Mens sou in hierdie hele komplekse opset byna kon spreek van die paradoksale karakter van die universiteit.

Sosiologies beskou, vertoon die samelewing van vandag teenoor die samelewing van 50 of 100 jaar gelede 'n paradoksale karakter: dit is ontsaglik veel meer gedifferensieerd, gediversifiseerd, maar ook veel meer geïntegreerd en vervlegd. Samelewingsverbande het 'n ongekende proses van ontsluiting ondergaan - daar is eindelose variasies as gevolg van ontwikkeling en tog word elke samelewings=

72) Van Wyk, Theo. Universiteit - demokrasie - Christendom, uitgaande van die kenwoord - universiteit. Bulletin van die S.A.V.C.W., No. 34, Oktober 1972, p. 46; Cf. Nathan Glazer wat dit soos volg stel: „There did remain the need to defend academic freedom from political perversion. Academic freedom often looks like - and often is - academic irrelevance, academic exoticism, academic self-seeking, academic status-striving, academic arrogance, and for that matter an excuse for political action, too." Glazer, Nathan. Remember= ing the answers, p. 17.

verband met duisende bande aan ander samelewingsverbande verbind. Dit geld ook van die universiteit: daar het geweldige differensiasie, uitbreiding, ontwikkeling en groei gekom - nie maar net in kwanti= teit wat dissiplines en vakke en departemente betref nie, maar ook wat betref die plek wat die universiteit inneem in, en sy verhouding tot die samelewing.

Die proses het noodwendig vir die universiteit meegebring 'n toename in die bepaling van sy eie identiteit, 'n bewussyn van sy soewereini= teit in eie kring as 'n inrigting van tersiêre onderwys aan die een kant, maar ook 'n besef van sy betrokkenheid op en vervlegdheid met die res van die samelewing aan die ander kant.

Akademiese vryheid sou nou in 'n sekere sin beskryf kon word as die positivering en konkretisering van hierdie soewereiniteit van die uni= versiteit binne 'n hoogs gedifferensieerde samelewing. Dit hou dan in die vryheid van 'n kategorie van mense, bestaande uit dosente en studente, om hulle toe te wy aan die naspeuring en die versameling, die uitbreiding en die deurgee, die toepassing en implementering van kennis. Primêr, basies, gaan dit in die akademie om akademiese sake, om sake van die intellek en van die wetenskap. En of dit nou die vorm aanneem van onderrig of navorsing, van beroeps= voorbereiding of vorming van die student, dit is akademies gerig en bepaal.

Volgens hierdie siening het akademiese vryheid dus te doen met die intraverbandsroeping van die universiteit - die roeping nl. om ge= trou te wees aan sy truktuurprinsipe as 'n gemeenskap van dosente

en studente wat met wetenskapsbeoefening in omvattende sin besig is. Die verwarring in verband met die begrip „akademiese vryheid" ont= staan reeds as dit in die konteks van die interverbandsroeping van die universiteit, sy verhouding tot en vervlegtheid met ander verbande dus, geplaas word.

Stoker differensieer tussen akademiese en universiteitsvryheid. Akade= miese vryheid is vir hom deel van universiteitsvryheid. Akademiese vryheid omhels dan, onder andere, die vryheid om akademiese toela= tingsvereistes vir studente te stel, om grade te verwerf, om univer= siteitspersoneel te benoem en die vryheid van navorsing en onderrig sowel as interne organisasie.

Universiteitsvryheid omvat daarby, onder andere, die vryheid om leiers vir die diverse lewensfere en, meer spesifiek, lede vir die hoër beroepe op te lei, om volledig deel te neem aan, en 'n knoop= punt, leier en diensknег te wees van die landskultuur. Essensieel vir universiteitsvryheid is sy intieme verbintenis met ander groepe.[73)]

Op grond van hierdie benadering sou dus gestel kon word dat akade= miese vryheid met die intraverbandsroeping en universiteitsvryheid met die interverbandsroeping van die universiteit te doen het. Laas=

73) Stoker, H.G. At the crossroads: Apartheid and university freedom in South Africa. (In Stoker, H.G. Oorsprong en rigting. I, Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1967, p. 217.) Cf. Taljaard, op. cit., pp. 434 - 437.

genoemde roeping geld die universiteit se samewerking met, diens aan en verhouding tot ander verbande soos die staat, die kerk, die bedryf, ens. sonder prysgawe van sy soewereiniteit in eie kring. Eersge= noemde verteenwoordig die eintlike taak na binne waarby dosente en studente betrokke is en wat ewe-eens normatief bepaald is.

Net soos alle ander soorte van vryheid, trouens ook menslike vryheid in die algemeen, deur die gehoorsaamheid aan beginsels, norme en maatstawwe gekwalifiseer word, so ook akademiese vryheid. Hier het mens te doen met akademiese norme. Van Wyk argumenteer: „Aan wie in die akademie staan, wie die wetenskap beoefen, stel die akademie sy onverbiddelike eise, by name die eis van integriteit, ob= jektiwiteit, verdraagsaamheid en beskeidenheid. Vryheid kan slegs binne die perke wat daardie eise stel, beoefen word. Akademiese vryheid is tegelyk gebondenheid aan die waardes en die norme wat die akademie stel. Wie wetenskap beoefen moet die stelreëls van die wetenskap eerbiedig."[74] Hier word die konnotasie van die be= grip „akademiese vryheid" by sy kern oopgeboor. Dit gaan, soos by die beginsel van gesag in die akademie, ook hier om die rasione= le, die kennisaspek. Talcott Parsons verbind selfs die twee begrip= pe en gee die volgende omskrywing van akademiese vryheid: „The autonomy of the academic system is grounded in a set of values - not only in the general value of the society, but in the more specific subvalues appropriate to this differentiated subsystem. These may

74) Van Wyk, op. cit., pp. 46, 47.

be called the values of cognitive rationality, a category parallel to the values of economic rationality that guide an advanced economy ... Academic freedom, in this sense, is the freedom of the members of a select and qualified professional group - and some associated with them, especially students - to devote themselves predominantly to the implementation of the values of cognitive rationality in organiza= tions that are structured and differentiated from others in such a way as to favor this orientation."[75].

Dit kom daarop neer dat akademiese vryheid 'n inherente reg is van diegene wat besig is met wetenskapsbeoefening, met onderrig, navor= sing, beroepsvoorbereiding en vorming. Die beoefenaar van die wetenskap vind nie legitimasie vir sy werk in een of ander wetgewing van die staat, ook nie in sy eie subjektiewe vermoëns nie, maar in sy geroepenheid as wetenskaplike en in die oortuigingskrag van die weten= skap self.

Van die uiterste belang is dat sowel die studente as die dosente deel= genote aan akademiese vryheid geag word. Dit is nie die preroga= tief van die dosente alleen nie. Die studente moet m.a.w. beskou word as 'n wesenlike komponent van die gemeenskap van geleerdes. Hulle is ook wetenskaplikes, hoewel nog onryp en ontwikkelende weten= skaplikes.

75) Parsons, op. cit., p. 165.

MacIver vertolk die akademiese vryheid van die student as „the free= dom to express and to defend his views or his beliefs, the freedom to question and to differ without authoritative repression and without scholastic penalization."[76] Daarom meen MacIver dat die verhou= ding tussen die akademiese vryheid van die dosent en dié van die stu= dent so moet wees dat die dosent die inisiatief neem.[77]

Opsommenderwys sou ons vanuit Christelike perspektief, soos uiteen= gesit by die ontleding van die begrip „vryheid", akademiese vryheid soos volg kan omskryf:

Akademiese vryheid is ook vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het.

Akademiese vryheid bekwaam tot volle ontplooiing van ons intellek= tuele vermoëns.

Akademiese vryheid noop tot volle aanvaarding van akademiese ver= antwoordelikhede.

Akademiese vryheid gee geleentheid vir objektiewe navorsing en studie.

Akademiese vryheid bied volle opening vir dialoog tussen dosent en student, tussen dosent en dosent en tussen student en medestudent.

76) MacIver, Robert M. Academic freedom in our time. New York, Columbia University Press, 1955, p. 207.

77) Ibid., p. 208.

Akademiese vryheid maak voorsiening vir die moontlikheid en wenslik= heid van meningsverskil en van individuele oortuiging.

Maar akademiese vryheid wat 'n Christelike gees adem, verdiskonteer ook Christelike norme en beginsels. Akademiese vryheid gee ook ag op die koers wat Gods woord aandui. Akademiese vryheid maak moeite om te vra na die wil van God in persoonlike en akademiese lewe. Akademiese vryheid soek die uitbouing en vergestalting van die Koninkryk van God.

So impliseer Christelike akademiese vryheid die heerskappy van Chris= tus en die gesag van sy Wet. So maak Christelike akademiese vry= heid erns met akademiese verantwoordelikhede en eerbiedig in alle omstandighede die soewereiniteit van ander samelewingsverbande. As ons die akademiese vryheid, selfs dié van die student só gaan sien, dan verwerp ons die revolusionêre gees van die studenteaktivisme, ons verwerp die gees van politisering van die kampus, ons verwerp die pogings tot radikalisering van die studentelewe, ons verwerp agi= tasie terwille van agitasie en protes terwille van protes.

## 7.4 Die student en sy plek aan die universiteit

In die bepaling van die besondere struktuur en die eie-aard van die universiteit is vasgestel dat studente naas die dosente 'n besondere rol vervul. Die universiteit is immers primêr 'n gemeenskap van geleerdheid of van wetenskapsbeoefening deur dosente en studente.

Daar is egter meer faktore wat vir die besondere funksie en plek van die student aan die universiteit bepalend is.

As selfstandige samelewingsverband, soewerein in eie kring, bestaan die universiteit uit meer as net dosente en studente. Vir die doel van sy oprigting en instandhouding, sy beheer en organisasie, sy gerigte taakvervulling en beplande ontwikkeling is dit nodig dat verskillende instansies en of individue hulle daarmee bemoei. Trouens, deurdat hierdie verskillende instansies en individue in 'n nuwe verhouding met die spesifieke doeleindes waarvoor die universiteit hom beywer, en bin= ne die raamwerk van sy tipiese struktuur, saam funksioneer, kom die universiteit as samelewingsverband tot stand en bly dit voortbestaan.

Die saamwerkende instansies en individue offer nie daarmee hulle eie individualiteitstruktuur op nie. Aan die ander kant kan nie een van hulle sonder die medewerking van die ander die nuwe struktuurindivi= dualiteit wat as universiteit bekend staan, daarstel nie.[78] Erken= ning moet dus verleen word aan die beginsels van soewereiniteit in eie kring en van die enkaptiese vervlegdheid van elkeen van die onder= skeie verbande. Dit geld van die inisiërende en samewerkende ver= bande, sowel as van die nuwe eiesoortige struktuur nl. die universiteit self.

78) Cf. Bingle. Die universiteit in die branding, pp. 257, 258; Preller. Die wese en funksies van die universiteit, p. 4.

Waar die universiteit as eiesoortige samelewingsverband met sy eie normatiewe struktuurprinsipe eenmaal tot stand gekom het, daar besit dit vanselfsprekend ook sy eie interne regsverhoudinge wat nie ontleen is aan enige verband buite die universiteit nie. Dit sou 'n vorm van staatsabsolutisme wees om byvoorbeeld te beweer dat die oorsprong van die universiteitsreg in die staat geleë is. Net so min kan die kerk of die georganiseerde ekonomie die interne verbandsreg van die universiteit daarstel, bepaal of beheer. Dit sou 'n nivellering wees van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, 'n negering van die struktuurtipiese van die universiteit en 'n vergryp aan die goddelike skeppingsordinansies waarkragtens, in die ontsluitingsproses van die samelewing, elke verband sy eie identiteit ontvang.[79)]

Naas die interne, is daar die eksterne regsverhoudinge vir sover die universiteit met die ander verbande na buite vervleg is. Die weder=sydse verbandsfunksies bring eiesoortige bevoegdhede en verpligtinge tussen byvoorbeeld die universiteit en die staat mee.

Hierdie onderskeiding van interne en eksterne verbandsreg loop parallel met 'n onderskeiding wat vroeër reeds gemaak is, nl. dié van die intra- en interverbandsroeping.

Die belanghebbendes by die universiteit kan in vier kategorieë onder=skei word.

79) Cf. Spier, op. cit., pp.188, 189; Taljaard, op. cit., p.438.

Die eerste kategorie is die oorspronklike inisieerders of oprigters van die universiteit, waarvan die geledere allengs aangevul word deur alumni, vriende en donateurs. Langs dié weg word die konvokasie gevorm. Op sterkte van 'n gemeenskaplike behoefte vir 'n hoër onder=wysinrigting, in die reël aangevuur deur 'n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing en saamgestel deur 'n verskeidenheid van persone en instansies wat elk 'n eie individualiteitstruktuur besit en behou, word die totstandkoming van die universiteit dus geïnisieer. Omdat hulle alleen nie die universiteit uitmaak nie, kan hulle nie outokraties te werk gaan en alle ander belanghebbendes uit die beheer van die uni=versiteit uitsluit nie. Aan die ander kant het hierdie kategorie ge=organiseerd belang by die beheer van die universiteit en besit hulle die reg tot benoeming van 'n bepaalde aantal raadslede.[80)]

Ook die staat is 'n belanghebbende en moet ooreenkomstig sy inter=verbandsroeping en kragtens sy struktuurtipiese taak, by wyse van wetgewing, regsuitoefening en finansiering die universiteit se bestaan verskans, sy voortbestaan verseker en hom ondersteun. Die staat het immers direkte belang by wetenskapsbeoefening in die algemeen, by die akademiese vorming van sy burgers, by die standaard van ge=leerdheid wat beoefen word, ens. Dat die staat ook in die beheer van die universiteit 'n aandeel moet hê, is vanselfsprekend.

Die dosentekorps, georganiseer in akademiese departemente, in

80) Cf. Bingle, op. cit., p. 258; Preller, op. cit., pp. 4, 5.

fakulteite en eventueel in die senaat, is die derde wesenlike konstitu= erende komponent van die universiteit. Hoewel hulle alumni mag wees en dus mag kwalifiseer as lede van die konvokasie, hoewel hulle ook donateurs mag wees, word hulle kragtens hulle samevoeging in die senaat en kragtens hulle unieke plek en taak aan die universiteit 'n onontbeerlike en wesentlike element in interne universiteitstruktuur. Die veelvuldige taak van die universiteit, soos vroeër uiteengesit, hang vir die grootste deel van hierdie kategorie van mense af. Ver= teenwoordiging in die beheerliggaam van die universiteit van hierdie kant is dus 'n „sine qua non".

Die vierde komponent in die strukturele opset van die universiteit is die studentekorps. Dat dit 'n ontontbeerlike, wesenlike, integrerende deel van die universiteit vorm, is reeds vasgestel. Wat die plek van die student en die studentegemeenskap aan die universiteit is, moet nou vasgestel word.

Dit kan sonder vrees vir teëspraak verder gekonstateer word dat ons met 'n besondere gemeenskap in meer as een opsig te doen het. Noodsaaklik is dit om met enkele stellings die student en die studen= tegemeenskap te artikuleer.

In die algemeen kan gestel word dat die studente in hulle laat-adoles= sente jare verkeer en dat hierdie stadium om verskeie redes drasties verleng is. Die aangeleentheid van verlengde adolessensie is reeds vroeër bespreek en die geldigheid van die empiriese verskynsel val nie te betwyfel nie.

'n Tweede stelling wat van studentegemeenskappe in die algemeen geld, is die inisiële heterogeniteit daarvan. Studente is opvallend ongelyk= soortig ten opsigte van hulle genetiese, sosio-ekonomiese, kulturele, politieke en selfs godsdienstig-kerklike herkoms. Dit geld in die huidige tyd veel meer as vroeër en dit geld aan die groot universi= teite in groter mate as aan kleineres. Nie net inisieel nie, maar ook deurgaans verskil studente geweldig baie wat rypheid, belangstel= ling, motivering, aanleg, intellektuele vermoëns, persoonlikheidseien= skappe, ens. betref. Dit is immers nie meer net die intellektueel-begaafde, die ekonomies-vermoënde en die gesofistikeerde élite wat op die universiteit beland nie. Die heterogeniteit word nog verder beklemtoon deur die verbasend snelle ontplooiing en ontwikkeling wat die student in enkele jare van universitêre vorming ondergaan. Tus= sen die onryp, onsekere en veelal onervare eerstejaarstudent tot die ryp, selfversekerde en soms lewenswyse nagraadse student lê maar die tydsbestek van enkele jare.

Naas soveel faktore wat die heterogeniteit en diversiteit van die stu= dentegemeenskap aksentueer, is daar egter talle gemeenskaplike trek= ke wat die student en die studentegemeenskap karakteriseer. Sommige van hierdie trekke staan in verband met die student se leeftydsfase maar word psigologies deur sy studentwees geïntensifiseer.

Sonder om aanspraak op volledigheid te maak kan die volgende tipiese kenmerke van die student in sy laat-adolessente jare aangestip word:

Die ontwikkeling na allosentrisme. Waar daar in die puberteits- en vroeg-adolessentejare 'n sterk mate van egosentrisme voor kom,

verdwyn dit allengs by die student en word sy aandag en belangstelling meer na buite gerig en deur die ander in beslag geneem, in menige geval deur iemand van die teenoorgestelde geslag.

Die verskynsel van progressiewe integrasie. Hiermee word bedoel dat die rypende student in die reël oop is vir invloede, plooibaar, ge= interesseerd en aktief betrokke.[81)]

Identifikasie met die ewegroep. Hiervan sê Gouws: „Die student wil by sy aankoms op universiteit graag in die studentegemeenskap opge= neem word en aansluit by die sosiale bedrywighede daarvan. Dit be= teken dat hy die heersende studentekultuur moet aanleer en dit moet assimileer. Vir die meeste studente lewer dit geen probleme op nie. Vir baie studente is die assimilering van hierdie kultuur selfs die grootste ervaring op universiteit. Dit is dan ook moeilik om die belangrikheid daarvan vir die student te oorskat, aangesien dit 'n baie belangrike basis vir sy identiteitsgevoel vorm."[82)]

Die strewe na 'n eie identiteit. In die laat-adolessensiejare ver= meerder die drang na 'n duidelike identifisering van letterlik alle sake van die self en die omgewing. Heath druk dit kernagtig uit:

81) Heath, Douglas H. Growing up in college. San Francisco, Jossey-Bass Inc., Publishers, 1968, p. 11.

82) Gouws, L.A. Algemene karakteristiek van die student, ongepubli= seerde tersiêre lesing. Potchefstroom, s.j., p. 3.

„To speak of an autonomous self-image is to speak of a set of ideas about oneself that cannot be sold to a higher bidder, ideas that are not shadowed by residual conflicts and anxieties or earlier childhood experiences."[83)]

Die strewe na selfstandigheid. Die student ontvang nie alleen vanweë uitwendige omstandighede die geleentheid om sy eie sake te reël en vir homself beslissings te neem nie maar daar ontwikkel ook by hom die drang tot onafhanklikheid en selfstandigheid. Beperkende maat= reëls, hoe geregverdig ook al, word gou as knellende bande vir sy vryheid ervaar. Talle konfliksituasies kan hieruit ontwikkel.[84)]

Oppervlakkig beskou, skyn dit of die eerste drie faktore wat genoem is, nl. allosentisme, progressiewe integrasie en identifikasie met die ewegroep in stryd kan wees met die laaste twee nl. die strewe na 'n eie identiteit en na onafhanklikheid. In der waarheid gaan dit egter hand aan hand. Heath argumenteer: „A mature person resolves the apparant contradiction this way: his increased allocentrism makes him aware of others' views and motives, including those views about him; he is able to understand and converse with others, tentatively taking the position of the other. But his autonomy permits him to retain command of his own decisions, to accept selectively what the other person may say."[85)]

83) Heath, op. cit., p. 16; Cf. Gouws, op. cit., pp. 7, 8.

84) Cf. De Klerk, op. cit., p. 81.

85) Heath, op. cit., p. 17.

Die belangrikste kenmerk van die student is egter nog nie genoem nie. Dit het nie soseer op sy rypwording tot volwassenheid betrekking nie, maar op sy staanplek in die universiteit as sodanig. Die student, alle studente, is primêr in meerdere of mindere mate betrokke by die struktuurtipiese funksie van die universiteit. Hulle is nie maar voor=werpe of objekte in die universitêre opset nie. Hulle is subjekte. Hulle het subjektief deel aan wetenskapsbeoefening, sowel wat onderrig (kennisbemagtiging) as navorsing (kennisontginning) betref. Net so staan hulle subjektiewe en individuele betrokkenheid by hul eie beroeps=voorbereiding en vorming vas. Sodra die student se individualiteit in gedrang kom, sodra hy tot 'n nommer in 'n groot getal of 'n rat in 'n enorme masjien gedegradeer word, kom sy wesenlike studentwees in gedrang.

Hierdie stelling bepaal meer as alle ander faktore die eintlike plek van die studente aan die universiteit. Dit trek 'n streep deur die opvatting dat studente net maar klante is wat alleen kom koop wat op die universitêre mark aangebied word. Trouens, die hele gedagte van studente as „rou materiaal" wat gemanipuleer en geboetseer moet word, is onverenigbaar met die struktuur van die universiteit.[86)]

86) McGrath stel dit kernagtig: „The traditional concept of a student as a supplicant, as an immature ward, as a mere client, can=not prevent turmoil : indeed, it will only stimulate increased resistance." McGrath, Earl J. Should students share the power? Philadelphia, Temple University Press, 1970, p. 50.

Studente moet gesien word as egte lede van die universitêre gemeen= skap, duidelik onderskeibaar van blote klante van 'n besigheid. Die Latynse woord waarvan die woord „student" afgelei is, besit die preg= nante betekenis van: „toewyding met interesse" of „deelname met ywer". Dit impliseer nie alleen lidmaatskap nie maar ook aktiewe deelname. As lede van die gemeenskap, subjektief betrokke by veelvuldige aktiwi= teite van die universiteit, besit hulle ongetwyfeld nie net voorregte nie maar ook regte. Hulle deel in die akademiese vryheid, hulle besit as gedifferensieerde gemeenskap binne die universiteit as samelewings= verband, naas ander konstituerende dele, beperkte outonomie. In kort, hulle vervul 'n wesenlike funksie in die uitoefening van die uni= versiteit se intraverbandsroeping.

Aan die ander kant is daar tog verskille tussen die dosent en student sowel as tussen die dosentekorps en die studentegemeenskap. Daar= om verskil ook hulle onderskeie regte en pligte. Die student is nie in dieselfde sin lid van die universiteit as die dosent en kan dit ook nie wees nie. Die student neem byvoorbeeld deel aan wetenskapsbe= oefening maar dra geensins die verantwoordelikheid wat die dosent kragtens sy amp moet dra nie. Die student is nog in die proses van ontwikkeling tot volwassenheid en rypheid. Anders is dit gesteld met die dosent. Bowendien vind die student se inskakeling in die universiteitsgemeenskap uit eie vrye beweging plaas terwyl die dosent op grond van bepaalde kwalifikasies, benoem word. In die grond van die saak is daar dus 'n geweldige verskil tussen die regsposisie van die student en van die dosent.

Deur sy benoeming wat hy ontvang, kom die dosent in 'n bepaalde amp

en daarom in 'n gesagsposisie te staan, 'n posisie wat die student nie vir homself kan opeis nie. Indien hy dit doen, doen hy dit weder= regtelik.

Hans Rupp kom na 'n indringende studie oor die plek van die student aan die universiteit, ook tot dieselfde slotsom. Hy redeneer soos volg: „Der Student ist nicht zuletzt um seiner eigenen Freiheit willen nicht in die Verantwortung und die Belastungen eingespannt, denen die Hochschulverwaltung aus Gründen des öffentlichen Interesses und ihres Bezuges zur Wissenschaft unterliegt. Der Student nimmt mit seiner Immatrikulation das Grundrecht der Berufswahl in Anspruch, das es verbietet, den Studenten denjenigen Ausleseverfahren und wissen= schaftlichen Befähigungsnachweisen zu unterwerfen, die für den Hochschullehrer gelten. Eine paritätische Mitbestimmung der Studenten in allen Angelegenheiten der Hochschulselbstverwaltung führt daher unweigerlich entweder zu einer grundrechtswidrigen Veramtung des Studenten oder zu einer gleichheitswidrigen Verfrem= dung der Wissenschaftspflege, von der die Wissenschaftsfreiheit wegen ihrer Abhängigkeit von der Hochschulverwaltung unmittelbar betroffen ist. In jedem Fall wäre sie grundgesetzwidrig." [87)]

Ook Geck voel sterk oor hierdie aangeleentheid. In sy ontleding maak hy egter gebruik van die bekende onderskeiding van studievry=

87) Rupp, Hans H. und Geck, Wilhelm K. Die Stellung der Studenten in der Universität. Berlin, Walter de Gruyter, 1968, p. 29; Cf. Ibid., pp. 19, 20.

heid van die student en leervryheid van die dosent. Hy beklemtoon die algemeen-aanvaarde feit dat die take van die universiteit, nl. na=vorsing, onderrig en beroepsvoorbereiding, legitiem toevertrou is aan persone wat daarvoor volgens wetlike kriteria gekwalifiseer is. Hulle is trouens ook regtelik tot die vervulling van die taak verplig en persoonlik verantwoordelik. Dit is deel van hulle leervryheid. Daar bestaan dus ook, soos by regters, 'n indirekte legitimasie van die doserende en navorsingspersoneel.

Die voorstanders van studentemedeseggenskap beroep hulle nou op 'n gelykwaardige grondreg vir die student wat hy op sterkte van sy studievryheid sou besit. Geck erken dat die student grondwetlik vry is. Hy studeer nie kragtens publieke opdrag nie, maar vanweë sy hoogs persoonlike belangstelling.[88)] Sy studievryheid gee hom die reg om volgens geldende, heersende gebruik en regspreking, die uni=versiteit, die studierigting, die professor en selfs enkele studiereëlings binne die raamwerk van die bepaalde inrigting vry te kies. Dit word egter problematies as die aanvaarding van die student se besondere grondwetlike studievryheid bo die pas genoemde regte uitgaan. As hy medeseggenskap opeis, dan omskep hy sy vryheidsreg in mede=seggenskapsreg en daarteen bestaan groot bedenkinge.[89)] „Der Student erhält mit seiner Immatrikulation weder höhere Weihen, noch wird er in ein besonderes Gewalt- oder Amtsverhältnis versetzt, aus

88) Cf. Geck. (In Rupp und Geck, op. cit., p. 44.)

89) Ibid., p. 47.

dem sich ein Status gesteigerter Pflichtigkeit und rechtsstaatlicher Schwäche herleiten liesze."[90]

Hier kom nog by dat die studente tot die primêre take van die univer= siteit, nl. onderrig en navorsing nie verplig is nie terwyl dit met die dosente wel die geval is. Die medebeslissing en regstreekse beheer oor sake van onderrig en navorsing moet dus as ontoelaatbare beheer gediskwalifiseer word.[91]

Met hierdie bevinding het ons gekom by die kern van die hele saak aangaande die plek van die student in die universiteitstruktuur. Die student is lid van die gemeenskap maar hy het wat akademiese en ad= ministratiewe aangeleenthede betref, geen beleidsbepalende en beheren= de bevoegdheid nie. Hy is medebeoefenaar van die wetenskap, hy het volle deelgenootskap aan akademiese vryheid in die sin wat dit vroeër beskryf is, maar as vierde komponent in die samestelling van die universiteit, besit hy beperkte regsbevoegdheid, 'n bevoegdheid wat nie beheer insluit nie. Die ander drie samestellende komponente besit, histories-prinsipieel besien, sodanige bevoegdheid.

Bingle stel die saak suiwer soos volg: „Uit die genoemde drie groe= pe belanghebbendes word die beheer van die universiteit saamgestel in die raad waar elkeen gesamentlike verantwoordelikheid dra en tog ook

90) Rupp. (In Rupp und Geck, op. cit., p. 25.)

91) Geck. (In Rupp und Geck, op. cit., p. 60.)

elkeen 'n spesifieke taak en belangstelling daarin het: die gemeenskap in die gees en rigting, die staat in die peil van die werk wat daar verrig word en die dosentekorps in die didaktiek en die beoefening van die wetenskap. Maar laat dit herhaal word: almal is verant=woordelik vir letterlik alles. Hierdie samestelling van die Raad maak die universiteit vry in eie kring, selfbepalend, outonoom, akade=mies vry.

„Word hierdie beheer van die Raad versteur deurdat enige van die drie genoemde belanghebbendes die oorhand oor die ander verkry, word die universiteit onvry, slaaf van daardie belanghebbende. Word daar aan die studente magte toegeken of neem hulle dit self ter hand in die naam van akademiese vryheid, word die universiteit eweneens onvry en onbevoeg om sy taak uit te voer."[92] Wat die vierde kategorie, nl. die studente, betref, is Bingle van oortuiging dat „daar vir hulle geen direkte plek as studentekorps in die beheer van die universiteit is nie. Sodra 'n eerste graad verwerf is, kan hulle toetree tot die geledere van die alumni en so deel hê aan die bestuur van die Alma Mater."[93]

Die student sou dus nie kragtens sy akademiese vryheid op gelyke be=voegdheid met byvoorbeeld dosente in die verskillende universiteits=liggame aanspraak kon maak nie. So 'n pretensie is 'n pretensie

92) Bingle, op. cit., p.259.

93) Loc. cit.

wat op valse uitgangspunte berus. Die superioriteit en amp van die fakulteits- en senaatslede moet eerbiedig word.

Talcott Parsons beklemtoon die faktor van superioriteit besonder sterk. „We have stressed that students are, by definition of their roles, participating members in the academic system. But, the justification of the student's obligation to recognize faculty precedence remains. The matters of competence and of commitment and responsibility cannot simply be declared irrelevant; long training and experience and previous achievement, as well as career commitment, must 'count' ... In this setting, the academic freedom of the student, properly subclassified for the immense variety of different classes of students, appears to be part of the academic freedom of the system as a whole, and is entirely consistent with faculty prece= dence."[94)]

Die regsbevoegdheid van die student hou egter tog in dat hy sy stem kan laat hoor in akademiese sake. As die universiteit werklik 'n „universitas magistrorum et scolarium" is, dan mag die student nie maar as toeskouer, klant, objek, bedelaar of onvolwasse pleegkind behandel word nie. Indien dit die geval is, sou die student se aka= demiese vryheid in gedrang kom. Maciver gryp die kern van die saak as hy verklaar: „Whatever the system may be, the breath of life dies within it unless the student is freely permitted, indeed

94) Parsons, op. cit., p. 172.

encouraged, to think for himself, to question, to discuss, and to differ. This statement covers the essential freedom the student needs ... He should be thought of as the subject rather than the object of education ... This, then, the freedom to express and to defend his views or his beliefs, the freedom to question and to differ, without scholastic penalization, is the academic freedom the student particularly needs."[95)]

Daar moet dus op grond van die voorafgaande gepleit word dat 'n veel ruimer geleentheid vir inspraak op elke vlak van die akademie aan die student gebied word. Hierdie inspraak moet nie maar net die lesing=saal geld nie, maar ook die departement, die fakulteit en die senaat van die universiteit en dit kan goedskiks geskied by wyse van goed=voorbereide memoranda oor sillabus- en kurrikuluminhoud, oor doseer=metodes, oor toets- en eksamenstelsels, oor wyse van meting, oor akademiese standaarde, ens.[96)] Vanselfsprekend is hier nie van

95) Maciver, op. cit., pp. 206, 207; Cf. Geck. (In Rupp und Geck, op. cit., p. 64.)

96) Van Peursen, C.A. De toekomst van de universiteit. Utrecht, Uitgave van de Christen studenten associatie, 1967, pp. 28, 29: „De hoogleraar verstrekt informatie aan de studenten en traint hen om zelf informatie te verwerken, te integreren en later te verstrekken. Maar het omgekeerde - de 'terugkoppeling' - is ook onmisbaar. Deze vindt op allerlei wijzen reeds plaats - men denke aan de studieraden, die overal aan het ontstaan zijn en aan de mogelijkheid door de wet vermeld, dat vertegenwoor=digers der studenten aan een deel van het faculteitsberaad deelne=men (een wetsbepaling die echter in de practijk aangevuld blijkt te moeten worden in die zin dat hiertoe niet slechts de hoogleraren,

agitasies, demonstrasies, betogings of watter onakademiese wyse van optrede sprake nie. Dit sou reeds 'n gruwelike oorskryding van die student se akademiese vryheid wees. Dit waartoe Keniston oproep om die daad by die woord te voeg en om die teoretiese kritiek en meningsverskil in aktiewe optrede te laat blyk, skep bandeloosheid en anargie.[97)]

Studenteaktivisme is per slot van rekening 'n verskynsel wat nie pas in die akademie nie. Daar is geen enkele regverdiging om hierdie vreemde weefsel in die liggaam van die universiteit te laat posvat nie. Trouens, so vreemd is dit as dit gesien word in die lig van die wesenlike en struktuurtipiese van die universiteit, dat die univer= siteit as sodanig, kragtens sy identiteit, die vreemde weefsel kan en moet verwerp.

Stanley Hoffmann se mening is dat die basis van outoriteit of die prin= sipe van legitimiteit gevind moet word in deelname of partisipasie wat

maar ook de studenten het initiatief moeten kunnen nemen.) Toch dient ook hier een verdere ontwikkeling gestimuleerd, zodat wen= sen en adviezen omtrent te behandelen thema's en onderwijsmetho= diek regelmatig van de zijde der studenten binnen kunnen komen. In breder verband dienen de organen van overleg tussen studenten, en die van de wetenschappelijke staf directer uit te monden in de centra, waar het wetenschapsbeleid tot stand komt."

97) Cf. par. 7.3.2.2.3.

bestaan uit 'n kompromie tussen demokrasie en ander konsiderasies. Dat die universiteit nie as 'n volle demokrasie kan en mag geld nie, is voor-die-hand-liggend. In so 'n gemeenskap kan alle lede van die gemeenskap immers nie op gelyke vlak en op gelyke wyse in alle beslissinge deel nie. Hierdie bewering dat dit 'n vanselfsprekend= heid is, berus nie op die uitgangspunt dat die status quo gehandhaaf hoef te word nie. Omdat die aard van ekonomiese bedrywighede die totale demokrasie in 'n fabriek uitsluit, beteken dit nie dat die enig= ste alternatief 'n diktatorskap van die bestuurder sou wees nie. So gaan baie argumente teen 'n demokrasiestandpunt of demokrasieuitgangs= punt aan die universiteit te ver.

Stanley Hoffmann is verder van oortuiging dat in breë nie-professionele beslissinge dit legitiem is om te konstateer dat die kontinuïteit en er= varingsargument baie swaar weeg, maar dit is onmoontlik om te ar= gumenteer dat studente hoegenaamd inkompetent is om deel te neem in beslissinge oor sake wat hulle direk raak en ook dat hulle onbe= kwaam is om 'n begrip te hê vir hulle eie belange. Elke universi= teitskrisis het duidelik gedemonstreer dat dit nie alleen by studente voorkom nie maar ook by dosente dat in sulke omstandighede geen balans en perspektief aan die dag gelê word nie, of altans weinig balans en perspektief.[98)]

Met hierdie opvatting van Hoffmann kan in hoofsaak saamgestem word.

98) Cf. Hoffmann, op. cit., p.213.

Demokratisering moet verwerp word. Met demokratisering word dan bedoel dat die gesag met die oog op finale beslissinge verdeel word. Hierteen geld die argument dat ten opsigte van punte waarin profes= sionele oordeel noodsaaklik is, kan die beslissinge immers nie in die hande van ander persone wees nie. Dit hou natuurlik nie in dat daar nie konsultasie vooraf kan geskied nie. Onder die areas waar= in professionele oordeel noodsaaklik is, val bv. die benoemings van personeellede en bevorderings en die uitreiking van grade. Dit is die prerogatief van die personeel op fakulteits- en senaatsvlak - nie omdat bestaande toestande in die verband, die status quo dus, beskou moet word as heilige koeie nie maar omdat onderwys 'n ernstige saak is.[99] Ten opsigte van kurrikulum is professionele vakkundig= heid en ervaring ewe-eens van groot gewig en dit moet uiteraard ook by die fakulteit berus. In hierdie opsig sal die raadpleging van verantwoordelike studente in betrokke areas egter legitiem wees. Die fakulteit is geregtig, trouens dit is ook die plig van die fakulteit, om toe te sien <u>wat</u> gedoseer en <u>hoe</u> gedoseer word want die doel is om kennis te ontwikkel en oor te bring, nie om gemaksug of geluk te sti= muleer nie. Aan die ander kant is despotiese mag, sonder inagne= ming van die behoeftes en begeertes van studente, ook oordrewe.

In verband met die inrigting van outoriteit is aan die hedendaagse universiteit groot wysheid nodig. Elk van die belanghebbendes - studente, dosente, alumni en administratiewe personeel het sy eie

99) Ibid., pp. 213, 214.

afsonderlike belange en moet daarom ook sy eie instelling of organi= sasie hê. Maar daar is baie beslissinge wat verskillende van hier= die belanghebbende instansies affekteer. Uiteraard is daar heelwat belangevlakke wat oorvleuel en waar gesamentlike beslissinge geneem sou kon word indien dit maar op die regte wyse geskied. Vir sover elkeen van die belanghebbende groepe 'n saak onder oë moet sien kan elkeen dit doen en uiteindelik kan die saak dien voor die instansie waar dit finalitêr tuishoort. Dit is daarom nie nodig om studente op fakulteits- of senaatsvergaderings of selfs op raadsvergaderings te plaas nie. Aan die ander kant moet daar 'n minimumkode gevind word vir die regte en verantwoordelikhede ook van die studente. Hulle het trouens vryhede en verantwoordelikhede as 'n konstituerende deel van die universiteit en hierdie vryhede en verantwoordelikhede behoort ernstig geneem te word. In die praktyk kan dit daarop neerkom dat van studentereferendums van tyd tot tyd gebruik gemaak word. Daarmee word die universiteit nie mismaak tot 'n algehele politieke sisteem nie. Trouens, geen student of dosent kan uitsluit= lik, omdat hy die universiteit binnegetree het, aanspraak daarop maak en hom aanmatig om deel te hê aan die basiese wetgewende program van die universiteit nie.

Deelname aan die universiteitsbedrywighede behoort in te hou die be= trokkenheid van al die belanghebbendes. In die eerste plek deur direkte konsultasie, in die tweede plek deur aanwending van algemene reëls wat voorberei is deur verteenwoordigende liggame. Maar die toepassing van hierdie reëls moet twee voorskrifte volg: Dit moet ten volle gedesentraliseer wees sodat alle sake nie op die hoogste vlak ter sprake kom en beslissinge daaroor geneem word nie. Wat

op laer vlakke afgehandel kan word, moet afgehandel word. Hier kan komitees 'n belangrike rol speel. In die tweede plek moet sorg gedra word dat hierdie komitees wel verteenwoordigend saamgestel is met volle inagneming van hulle bekwaamheid en verantwoordelikheid. Op so 'n wyse kan vennootskap versoen word met leierskap.

Vennootskap, as positivering van die struktuurtipiese gemeenskapsidee van die universiteit, is noodsaaklik, beide omdat die toekomstige uni= versiteite nie gebou kan word sonder die betrokkenheid van al die be= langhebbendes nie en ook omdat die samelewing van die toekoms nie behoort voort te gaan as 'n samelewing waarin die gaping tussen materiële keuses en regering, oorvloed en invloed, steeds groter af= metinge aanneem nie.[100] In hierdie opsig kan die universiteit vir die samelewing tot voorbeeld dien.

Buite die streng akademiese bedrywighede van die student is daar nog talle ander, nie-akademiese of sekondêr-akademiese bedrywighede maar tog binne die raamwerk van die intraverbandsroeping van die universiteit. Uitgangspunt moet hier wees dat hierdie aktiwiteite nie van sodanige aard mag wees dat dit die akademiese vryheid in gedrang bring nie. Verder behoort al sulke aktiwiteite te geskied met eerbiediging van die struktuurprinsipe van die universiteit.

Dat ons hier te doen het met 'n uiters belangrike aspek van die

100) Cf. Hoffmann, op. cit., pp. 214 - 217.

student se verblyf aan die universiteit, kan niemand ontken nie. Dit is ook veelomvattend en behels koshuis-, verenigings- en sportbedry= wighede. In die reël verteenwoordig dit 'n ingewikkelde organisato= riese patroon van buite-kurrikulêre aktiwiteite. Ongetwyfeld is hier sprake van die relatiewe outonomie van studentekomitees, -besture, -verenigings, -organisasies, -rade, ens. „The campus is the scene of a great proliferation of organized activities."[101)]

As lede van die universitêre gemeenskap is dit die plek waar studente hulleself kan uitleef en met vryheid en verantwoordelikheid kan optree. Studenteselfregering is 'n algemeen aanvaarde beginsel dwarsdeur die wêreld. Inmenging en kontrole van die kant van die universiteits= owerheid kan ook tot 'n minimum beperk word solank die universiteit se karakter en normatiewe eie-aard nie in gedrang kom nie. Hier is ook definitief sprake van 'n bepaalde gesagstruktuur waarin die studenteraad 'n leidende funksie vervul. Die gedagte van die bekle= ding van 'n spesifieke amp wat gesag verleen aan die een wat wettig= lik verkies is, kom ook weer hier ter sprake.[102)]

101) Maciver, op. cit., p. 209.

102) Cf. Strauss, D.F.M. Die Christenstudent en lewenstyl. (In Die Christelike universiteit in kontemporêre milieu, wysgerige simposium, Potchefstroom, 1969, p. 12.): „Die studenteraads-gesag is net soos alle ander soorte gesag slegs 'n ampsgesag wat meegegee is in die gesagstruktuur van die studentesamele= wing. Die massa besit derhalwe slegs die bevoegdheid om die studenteraadslede deur middel van 'n verkiesing in die studente= raadsamp te plaas, sonder dat hulle daarmee aan die studenteraad die gesag verleen waarmee hy in die amp beklee is. Studente= medeseggenskap is dus geen gesagsreg nie, maar hoogstens 'n plasingsreg en 'n toetsreg."

'n Laaste aspek wat die aandag verdien ten aansien van die student, is sy verhouding tot die samelewing buite die universiteit. Vroeër, toe die universiteit nog as 'n ivoortoring beskou kon word, sou die studen= tegemeenskap goedskiks as 'n ommuurde tuin beskryf kon word. Alleen die geure van die blomme en die luidrugtigheid van die mense binne die ringmuur kon tot die samelewing daarbuite deurdring. Meer as net 'n sporadiese blik deur die poort van die tuin was aan buitestan= ders nie gegun nie en van buite af het oor die muur heen soms die ysige winde van kritiek uit die samelewing die blomme daarbinne ver= skroei.[103)]

Hierdie visie op die studentegemeenskap is prinsipieel en empiries nie te regverdig nie. Die ander uiterste egter ewe min. Daarvolgens sou aan die studente die reg toekom om sonder enige beperking by die sake van die dag op politieke, sosiale, ekonomiese en ander ter= reine betrokke te wees. Hulle sou dan nie alleen hul stem kon laat hoor nie maar vrylik op die weg van aktiewe konfrontasie kon gaan. Hulle sou in die voorste linies as agente van verandering teen die bestaande orde kon en moes veg.

Tussen hierdie twee verwerplike uiterstes lê daar 'n derde alternatief en dit is dat die student qua student, kragtens die struktuurprinsipe van die universiteit binne die perke van sy akademiese vryheid wel kan teoretiseer, delibereer, selfs polemiseer oor sake rakende die

103) Cf. Boonstra, op. cit., p.269.

openbare lewe. Hy sou sy wetenskaplike roeping verwaarloos as hy dit nie doen nie. Saam met die dosente besit studente dus ook 'n teoreties-kritiese en wetenskaplik-koersbepalende roeping. Dit vorm alles deel van die intraverbandsroeping van die universiteit.

Maar hier is beperkinge. Die student het geen bevoegdheid kragtens die interverbandsroeping van die universiteit binne die raamwerk van universiteitsvryheid nie. Dit kom alleen die raad van die universiteit en almal wat deur die raad tot 'n bepaalde taak geroep word, toe.

Wil die studentegemeenskap dus na buite optree en dit mag wetenskap= like, kulturele of selfs sportbedrywighede inhou, kan dit alleen ge= skied met die goedkeuring en/of medewete van die universiteitsower= heid en binne die konteks van die bepaalde universiteit se normatiewe eie-aard. Die naam van die universiteit is immers in al sulke ge= valle op die spel en die verhouding van die universiteit as sodanig tot die samelewing kan òf bevorder òf geskaad word. Indien studente in individuele hoedanigheid of in groeps- of selfs massaverband eie= magtig buite die universiteit optree, kan hulle geensins aanspraak maak op enige studenteprivileges of universiteitsbeskerming nie. Hulle tree dan op as burgers van die staat, onderworpe aan die ordereëling wat kragtens die wet vir elke burger geld.